# HOOFSTUK 3

# TEORETIESE BENADERING

"... hou jou ore oop vir die wysheid, span jou in om te verstaan" (Spreuke 2:2).

## 1. INLEIDING

Die doel van hierdie hoofstuk is om die probleemstelling op 'n teoretiese vlak te benader. Daar sal eerstens gekyk word na wetenskapsdimensies. Hierdeur sal 'n idee gevorm word van wat wetenskap is, sodat daar uiteindelik navorsingsbehoeftes bepaal kan word. Hierdie behoeftes sal as kriteria aangewend word waarteen die onderskeie wetenskaplike paradigmas in die argeologie gemeet kan word.

Die begrip erfenishulpbronbestuur sal vervolgens kortliks bespreek word. Die rede hiervoor is dat die gevallestudies in hierdie studie via erfenishulpbronbestuur nagevors is, omdat dit gemeenskapsgerigte projekte is wat ‘n besonderse betekenis vir ‘n deel van die gemeenskap het. Erfenishulpbronbestuursbehoeftes sal voorts bepaal word. Ook hierdie behoeftes sal as kriteria aangewend word ten einde die wetenskaplike paradigmas in die argeologie te meet.

'n Belangrike onderafdeling van die hoofstuk het te make met die definiëring van die konsep historiese argeologie. Dit word as noodsaaklik beskou, aangesien al die gevallestudies voorbeelde van histories-argeologiese navorsing is. Die geskiedenis van historiese argeologie as sub-dissipline van die vakgebied argeologie, sal kortliks nagegaan word. Dit word gevolg deur 'n bespreking van verskeie definisies vir historiese argeologie, met die uiteindelike doel om 'n aanvaarbare definisie saam te stel.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die huidige stand van historiese argeologie in Suid-Afrika word ook bespreek. Die doel hiermee is om 'n idee te kry van die heersende teoretiese benaderings in Suid-Afrikaanse historiese argeologie en om leemtes in die gebruik van teorie uit te wys.

Dit word gevolg deur 'n kort samevatting van die onderskeie wetenskaplike paradigmas in die argeologie. In teenstelling met historici, wat tot in groot mate verskil oor die gebruik van teorie (vergelyk Marwick 1993:142-145; Tosh 1994:153-163), vorm teoretisering 'n belangrike aspek van argeologiese navorsing (vergelyk Trigger 1990:109). Die paradigmas word op 'n teoretiese vlak gemeet aan die kriteria soos daargestel uit die navorsings- en erfenishulpbronbestuursbehoeftes. Die toepaslikheid daarvan vir die historiese argeologie word ook bespreek ten einde aan 'n praktiese behoefte te voldoen. Vervolgens word daar 'n keuse ten gunste van een of meer paradigmas gemaak. Hierdie keuse(s) sal later (hoofstuk 5-9) ten opsigte van die onderskeie gevallestudies prakties toegepas word.

Hierna sal daar kortliks aandag aan die Westerse historiografie gegee word. Dit is daarop afgestem om raakpunte met die vakfilosofie van die argeologie (wetenskaplike paradigmas) te verkry, veral omdat teoretiese en filosofiese aspekte toenemend van belang in die geskiedenis word (Hamerow 1987:208). Omdat hierdie studie eerder vanuit 'n argeologiese as 'n historiese oogpunt aangepak word, is die doel nie om oor te gaan in 'n debattering van Westerse historiografie nie. Dit sou inderdaad sinvol wees om 'n soortgelyke studie vanuit 'n oorwegend historiese perspektief aan te pak.

Die laaste gedeelte van die hoofstuk handel oor metodeleer in die historiese wetenskappe. Die doel hiermee is om aandag te geen aan alle aspekte waarop die navorser, hetsy historikus of argeoloog, bedag moet wees tydens sy navorsing. Hierdie aspekte is dan ook benut tydens die navorsing van die onderskeie gevallestudies.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# 2. WETENSKAPSDIMENSIES

## 2.1 Wat is wetenskap

Aangesien Mouton (1996) en Mouton en Marais (1985) reeds gesaghebbend in hierdie verband gepubliseer het, sal slegs hierdie twee werke benut word. Dit wat relevant is ten opsigte van hierdie studie sal opsommend weergegee word.

Volgens Mouton (1996:16) het die woord wetenskap een van twee betekenisse. Eerstens behels dit die korpus van kennis wat mettertyd ontwikkel het en wat sekere eienskappe soos geldigheid, interne samehang, verklaringswaarde en bruikbaarheid het. Ten tweede verwys die woord wetenskap na sekere aktiwiteite wat deur wetenskaplikes uitgevoer word. Hieronder tel die tipiese vorme van wetenskaplike ondersoek, waaronder onder andere probleemidentifisering, data-insameling, eksperimentering, analise, interpretasie en toetsing van bevindinge ingesluit word (Mouton 1996:16-17).

Wetenskaplike kennis is die produk van wetenskaplike navorsing en kan beskou word as die huidige resultaat van eeuelange wetenskapsbeoefening (Mouton & Marais 1985:7; Mouton 1996:17). Daar bestaan tans drie modelle met betrekking tot die wyse waarvolgens wetenskaplike kennis tot stand kom.

- Volgens die positivistiese model groei die wetenskappe deur die akkumulasie van feite en bevestigde teorieë, sodat die wetenskap op die lange duur konvergeer na die waarheid toe (Mouton 1996:17).
- Kuhn se teorie oor wetenskaplike revolusies bepaal dat 'n fase van normale wetenskap, waarbinne 'n bepaalde navorsingstradisie oorheers, gevolg word deur 'n wetenskapsrevolusie, waardeur die dominante tradisie omvergewerp word. Die nuwe tradisie word nou die dominante tydens 'n nuwe fase van normale wetenskap (Mouton 1996:17-180).
- Popper se teorie van evolusionêre groei behels die evolusionêre ontwikkeling van die

wetenskappe, waar die sterkste teorieë op die lange duur oorleef en die swakkeres verdwyn (Mouton 1996:18).

Kuhn se teorie oor wetenskaplike revolusies vind byval tydens die studie van die vakfilosofie en -metodiek van die argeologie (vergelyk Du Toit 1994:4-29). Om hierdie rede sal hierdie teorie as agtergrond vir die bespreking van wetenskaplike paradigmas in die argeologie benut word.

Elke vakgebied vind binne 'n bepaalde wetenskaplike teoretisering sy beslag. Die bestaande korpus van wetenskaplike kennis vorm die agtergrond en konteks waarbinne wetenskapsbeoefening plaasvind en is 'n noodsaaklike voorwaarde vir alle navorsing (Mouton 1996:19). Daar bestaan vier verskillende modelle van die aard van wetenskapsbeoefening. Die epistemiese model het te make met die soeke na waarheid en word gekenmerk deur die metodologie wat tydens die proses van wetenskapsbeoefening gevolg word (Mouton 1996:19). Die epistemologiese dimensie van geesteswetenskaplike navorsing, wat werklikheidsgetroue uitsprake van die wetenskap verlang en die ontologiese dimensie van geesteswetenskaplike navorsing, wat gerig is op die studie van die werklikheid, hou hiermee verband (Mouton & Marais 1985:12-15).

Binne die sosiologiese model word die wetenskap as 'n sosiale proses beskou. Dit fokus op die waardes en voorkeure van die wetenskaplikes en hoe hulle die wetenskap struktureer (Mouton 1996:20). Dit hou verband met die sosiologiese dimensie van geesteswetenskaplike navorsing (Mouton & Marais 1985:9-12).

Die ekonomiese model plaas die klem op wetenskapsbeoefening as 'n proses van kennisproduksie. Dit behels dat kennis iets is wat vervaardig word en op die mark verkoop kan word (Mouton 1996:20).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die bestuursmodel beskou wetenskapsbeoefening as 'n bestuursproses, waarvolgens navorsing 'n onderneming is wat bestuur moet word. Die aandag verskuif nou van vervaardigings- en produksiemetafore na bestuursbegrippe (Mouton 1996:20).

Die vier modelle kan as komplementêre interpretasies van een en dieselfde saak beskou word en dui op die verskillende dimensies van wetenskapsbeoefening. Dit is nietemin ook tekenend van 'n klemverskuiwing in die aard van wetenskapsbeoefening oor die eeue heen. Hierdie verskuiwing, van 'n eksklusivistiese na 'n meer inklusivistiese benadering, is tiperend van die toenemende demokratisering en globalisering van wetenskapsbeoefening. Gevolglik word wetenskapsbeoefening meer en meer 'n openbare aktiwiteit. Die gevolg hiervan is dat die wetenskaplike toenemend ook aan die breë gemeenskap moet rekenskap gee.

Globalisering word gesien as die logiese uitvloeisel van veral tegnologiese ontwikkelinge wat hul oorsprong in die moderne tyd het. Toenemende interdissiplinêre samewerking is een kenmerk hiervan (Mouton 1996:22-23). Dit is egter steeds belangrik om ook die biografiese (individuele) konteks van die wetenskap in ag te neem. Hier word na die rol van die individuele navorser verwys (Mouton 1996: 21-23, 28). Al hierdie faktore behoort in ag geneem te word by die keuse van 'n wetenskaplike paradigma waarbinne die navorsing gedoen moet word.

Binne 'n enkele vakgebied is daar gewoonlik verskeie paradigmas waarbinne wetenskaplikes navorsing doen. Volgens Kuhn is een van hierdie paradigmas gewoonlik dominant op 'n sekere tydstip, afhangende van die aanhang wat dit onder die wetenskaplikes uit die betrokke vakgebied op daardie tydstip geniet (Du Toit 1994:4).

Alvorens daar verder hierop ingegaan kan word, moet 'n definiëring van die term paradigma gegee

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

word. 'n Paradigma kan gesien word as die teorieë, wette, modelle, analogieë, metafore en die epistematologiese- en metodologiese waardes waarmee die navorser tot die oplossing van 'n probleem kom (Du Toit 1994:4). Dit word ook breedweg beskryf as 'n spesifieke begripsraamwerk met eiesoortige uitgangspunte en wetenskapsfilosofiese beskouinge (Meyer 1995:7).

Daar is 'n verskeidenheid van faktore wat die navorsingsgemeenskap beïnvloed om paradigmaskuiwe te maak. Hierdie faktore word breedweg in wetenskaplike en nie-wetenskaplike faktore verdeel. Wetenskaplike faktore kom vanuit die wetenskapsbeoefening self en kan gesien word as die onvermoë van 'n paradigma om tot 'n probleemoplossing te kom, terwyl nie-wetenskaplike faktore van buite die wetenskap kom, soos byvoorbeeld die besluite van 'n politieke owerheid (Du Toit 1994:8-10; Mouton 1996:25). Die konteks van wetenskapsbeoefening word deur faktore soos dissiplinêre tradisies, paradigmas, gemeenskaplike waardes en rituele bepaal (Mouton 1996:25).

Tydens wetenskapsbeoefening word daar gepoog om feite en teorie met mekaar te pas (die sogenaamde passingsprobleem). Wanneer daar 'n anomalie ontstaan moet 'n paradigma aangepas word. Indien die paradigma nie suksesvol aangepas kan word nie, sal die wetenskaplikes 'n ander paradigma wat wel die feite en teorie met mekaar kan pas, aanhang (Sheppard 1990:173; Du Toit 1994:8-10). Daar word dus probeer om die paradigma te vind wat die beste daarin slaag om feit en teorie met mekaar te pas (Hodder 1995:185). Die eerste paradigma is dan gefalsifiseer en word met 'n ander paradigma vervang. Die nuwe paradigma (sommige wetenskaplikes noem dit 'n teorie) versterk die onweerlegbare inhoud van die vorige paradigma en dit verklaar die sukses daarvan, omdat die onweerlegbare inhoud van die vorige paradigma in die nuwe paradigma vervat is. Boonop kan die nuwe paradigma nuwe feite voorspel. Die opeenvolging van paradigmas binne die wetenskap lei tot die groei in wetenskaplike kennis (Du Toit 1994:20-22).

Voorts moet daarop gewys word dat verskillende teoretiese benaderings in verskillende lande

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

dominant kan wees. Hierdie verskynsel hou verband met ontwikkelinge van die vak in elke gebied en die invloed van 'n verskeidenheid ander lande daarop (Ucko 1995:6-8).

Ten slotte moet dit duidelik gestel word dat die vervanging van een paradigma deur 'n ander nie beteken dat daar slegs een bepaalde paradigma binne die vakgebied aan die orde van die dag is nie. Soms is daar meer as een paradigma wat nie net terselfdertyd bestaan nie, maar ook terselfdertyd dominant is (Du Toit 1994:25). Die spesifieke teoretiese raamwerk wat deur 'n argeoloog gekies word, is gevolglik van die uiterste belang (Ucko 1995:3).

## 2.2 Navorsingsbehoeftes

Drie begrippe word tradisioneel as sinoniem met die wetenskap geag, naamlik waarheid, rasionaliteit en objektiwiteit (Mouton 1996:28). Met waarheid word bedoel die morele verbintenis wat wetenskaplikes moet maak tot die soeke na waarheid (epistemiese imperatief). Dit behels 'n soort morele kontrak deur die navorser waardeur hy verbind word tot die soeke na waarheid ( Mouton & Marais 1985:4; Mouton 1996:29). Dit impliseer voorts die nastreef van 'n waarheidsideaal, al sou dit nie te alle tye bereik kon word nie. Laastens veronderstel dit 'n passing tussen wetenskaplike uitsprake en die werklikheid (Mouton 1996:29).

Rasionaliteit het te doen met die waardering van redes waarom een uitspraak bo 'n ander aanvaar moet word (Mouton 1996:31). Dit hou verband met die vermoë om oordele te vel in situasies waar daar nie altyd duidelike reëls is nie. Hierdie oordele word as redelik en geloofwaardig beskou (Mouton 1996:31-32) en hou verband met die teleologiese dimensie van geesteswetenskaplike navorsing (Mouton & Marais 1985:13-14).

Objektiwiteit verwys na die prosedures en metodes wat in die navorsingsproses gebruik word om

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

getuienis te produseer. Die doel hiervan is om foute uit te skakel sodat geldige bevindinge geproduseer word (Mouton 1996:32; Mouton & Marais 1985:7). Dit hou verband met die metodologiese dimensie van geesteswetenskaplike navorsing (Mouton & Marais 1985:16-17).

Daar bestaan 'n noue verband tussen waarheid, rasionaliteit en objektiwiteit (Mouton 1996:34). In aansluiting hierby stel Trigger (1990:318) dit duidelik dat argeologie op die mees konstuktiewe wyse ‘n bydra kan maak indien dit so presies en objektief as moontlik dit wat in die verlede gebeur het, kan vasstel. Dit vorm dan ook die kriteria vanuit die wetenskapsdimensies waaraan die verskillende wetenskaplike paradigmas en gevallestudies in hierdie studie gemeet sal word.

## 3. ERFENISHULPBRONBESTUUR

Omdat al die gevallestudies wat in hierdie studie benut is as gevolg van erfenishulpbronbestuur nagevors is, is dit nodig dat daar ook na hierdie begrip gekyk word. Daar 'n breedvoerige studie waarin Suid-Afrikaanse en internasionale bronne deeglik geïnkorporeer is, in hierdie verband in 1998 aan die Universiteit van Stellenbosch voltooi is (vergelyk Van Vollenhoven 1998a), sal net die belangrikste toepassings hiervan, ten opsigte van hierdie studie, opsommend genoem word. Daar sal ook na Suid-Afrikaanse wetgewing in hierdie verband gekyk word en, waar toepaslik, na die internasionale konvensies en verdrae oor die bewaring van die kultuurerfenis. Dit is voorts van belang sodat die uitvoering van histories-argeologiese navorsing aan wetgewingsvereistes gemeet kan word.

Dit is vandag die gebruik dat daar eerder van erfenishulpbronne as kultuurhulpbronne gepraat word (vergelyk Wet no 25 van 1999). Aangesien erfenis ook na die natuurerfenis kan verwys, word die begrip kultuurerfenis en kultuurhulpbron steeds verkies, al sou dit ook natuurelemente insluit, omdat dié vir 'n spesifieke kultuurgroep van belang is (vergelyk Van Vollenhoven 1998a:36). Die term

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

kultuurhulpbron word bowendien internasionaal aanvaar (vergelyk byvoordeeld Fagan 1991:494 en Renfrew & Bahn 1991:470). Nietemin sal die term erfenishulpbronbestuur gebruik word, sodat verwarring uitgeskakel kan word.

Omdat hierdie term net soos die term kultuurhulpbronbestuur met die kultuurerfenis van 'n land verband hou, sal laasgenoemde term behou word ten opsigte van die verduideliking van begrippe komende uit vorige navorsing. Die terme sal dus tot 'n mate as sinonieme hanteer word. Dit wil egter voorkom asof die nuwe term, erfenishulpbronbestuur (meer korrek kultuurerfenishulpbron-bestuur) op 'n verbreding van die term kultuurhulpbronbestuur dui, waardeur die belang van die gemeenskap ten opsigte van die erfenis beklemtoon word (vergelyk Meyer 1995:6). Dit verwys dus na dieselfde kultuurerfenis, maar plaas die klem op die reg van gemeenskappe om hulle kultuurerfenis op te eis. Vanweë die lengte van die term kultuurerfenishulpbronbestuur, word die term erfenishulpbronbestuur, om praktiese redes in hierdie studie gebruik.

### 3.1 Wat is erfenishulpbronbestuur

Kultuurhulpbronbestuur word beskryf as die aanwending van bestuurstegnieke om kultuurhulpbron-ne te bewaar en te ontwikkel, sodat dit as kultuurerfenis met langtermynwaarde en tot voordeel van die algemene publiek (gemeenskap) kan dien (Van Vollenhoven 1998a:9).

Onder die begrip kultuurhulpbron word verstaan alle unieke en nie-hernubare ontasbare (geestelike) en fisiese (materiële) verskynsels (natuurlik of mensgemaak) wat met menslike (kultuur-) aktiwiteite geassosieer word. Dit sluit terreine, strukture en artefakte in, waaraan 'n individu of groep waarde heg ten opsigte van historiese, argeologiese, argitektoniese, geestelike en menslike (kultuur-) ontwikkeling (Van Vollenhoven 1998a:11-12).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die doel van kultuurhulpbronbestuur is tweeledig, naamlik enersyds die bewaring en beskerming van kultuurhulpbronne en andersyds die verantwoordelike benutting daarvan deur die gemeenskap (Van Vollenhoven 1998a:13). Gesien in die lig van die bostaande verduideliking van die terme, is dit duidelik dat bogenoemde definisies ook geldig ten opsigte van die term erfenishulpbron en erfenishulpbronbestuur is.

## 3.2 Bewaringswetgewing

Die bewaring van die kultuurerfenis is wêreldwyd aan bewaringswetgewing gekoppel. Die begrip kultuurhulpbronbestuur het in die vroeë sewentigerjare in die Verenigde State van Amerika ontstaan. Hoewel wetgewing wat die kultuurerfenis beskerm reeds in 1906 ingestel is, is die doeltreffende bestuur daarvan eers in 1969 in wetgewing vervat. Vandag beskik die VSA oor uiters effektiewe wetgewing in hierdie verband (Van Vollenhoven 1998a:14-16).

Ander lande met effektiewe kultuurerfeniswetgewing sluit Brittanje, Denemarke, Australië en Nieu-Seeland in (Van Vollenhoven 1998a:16-17). Afrikastate wat oor wetgewing in hierdie verband beskik, is onder meer Nigerië, Kenia, Mosambiek, Botswana en Zimbabwe. In die meeste van hierdie state is die wetgewing vol leemtes en word dit nie effektief toegepas nie, sodat die kultuurerfenis steeds bedreig en in sommige gevalle vernietig word (Van Vollenhoven 1998a:17-18). Voorts bestaan daar ook dokumentasie in verskeie lande rondom die inventarisering van die kultuurerfenis, die eerste stap ten opsigte van die bewaring daarvan (Sykes 1984).

In Suid-Afrika is wetgewing wat 'n gedeelte van die kultuurerfenis bewaar, reeds in 1911 ingestel. Dit was naamlik die Boesman Relikwië Beskermingswet. Hierdie wet was eerder op die bewaring van voorwerpe as terreine ingestel. In 1934 word dit deur die Wet op Natuurlike en Historiese Gedenkwaardighede en Oudhede (Wet no 4) opgevolg. Die klem het in hierdie geval op voorwerpe

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

en terreine geval. Hierdie wet is twee keer gewysig, naamlik deur die Wysigingswet op Natuurlike Gedenkwaardighede (Wet no 9 van 1937) en die Wysigingswet op Gedenkwaardighede (Wet no 13 van 1967). In hierdie wette het die klem al meer op terreine begin val (Van Vollenhoven 1998a:25).

Sedert 1948 is daar ook provinsiale wetgewing ingestel ten einde die kultuurerfenis te bewaar. Hieronder tel die volgende:

- Die Ordonnansie op die Natuurlike en Historiese Gedenkwaardighede, Oudheidsoorblyfsels en Antieke voorwerpe (Ordonnansie no 13 van 1948).
- Die Wysigingsproklamasie op die Natuurlike en Historiese Gedenkwaardighede, Oudheidsoorblyfsels en Antieke voorwerpe (Proklamasie no 45 van 1950).
- Die Wysigingsordonnasie op Natuurlike en Historiese Gedenkwaardighede, Oudheidsoorblyfsels en Antieke voorwerpe (Ordonnansie no 12 van 1960).
- Die Wysigingsordonnansie op Natuurlike en Historiese Gedenkwaardighede, Oudheidsoorblyfsels en Antieke voorwerpe (Ordonnansie no 19 van 1962).

Al die genoemde nasionale en provinsiale wetgewing is in 1969 herroep en in die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede (Wet no 28 van 1969) saamgevat. Ten einde hierdie wet te verbeter is dit verskeie kere gewysig naamlik in 1970, 1971, 1975, 1979, 1980, 1981 en 1986 (Van Vollenhoven 1998a:26).

Die wetgewing was steeds vol leemtes en het byvoorbeeld nie voorsiening vir die bestuur van die kultuurerfenis gemaak nie. Eers met die instelling van die Wet op Omgewingsbewaring (Wet no 73 van 1989) het die idee van kultuurhulpbronbestuur in Suid-Afrika posgevat. Verbeterings aan hierdie wet was die Wysigingswet op Omgewingsbewaring (Wet no 98 van 1991) en die Tweede Wysigingswet op Omgewingsbewaring (Wet no 115 van 1992).

Leemtes in die wetgewing was dat die twee wette gesamentlik benut moes word ten einde kultuurhulpbronbestuur toe te pas. Hoewel die ontwikkelaars deur die wetgewing verplig is om

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ondersoeke na die kultuurerfenis te loods, was hulle nie verplig om die aanbevelings wat uit sodanige ondersoeke spruit na te kom nie (Van Vollenhoven 1998a:28-29). Boonop is aktiwiteite soos mynbou en boerdery uitgesluit van die bepalinge in bewaringswetgewing (Van Vollenhoven 1998a:37; Deacon 1993:78). 'n Spesifieke inspeksiestelsel vir Nasionale Gedenkwaardighede het ook ontbreek (Deacon 1993:78). 'n Verdere leemte is die uitsluiting van die geestelike erfenis en die groot klem wat op die bewaring van terreine teenoor voorwerpe val. Die laaste leemte was die gebrek aan inklusiviteit, dit wil sê die behoeftes van spesifieke gemeenskappe om inspraak in die bewaring en beskerming van hulle kultuurerfenis te hê.

Die laasgenoemde twee wette is op 1 April 2000 deur die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne (Wet no 25 van 1999) vervang. Omdat Van Vollenhoven (1998a) die voorgestelde wetgewing bespreek het (dit was toe nog nie wet nie) en enkele wysigings aangebring is voordat dit wet geword het, word die wet self nou as bron benut en nie die werk van Van Vollenhoven nie. Omdat die wet nuut en gevolglik onbekend is, en die bewoording daarvan betekenisvol is, word sekere gedeeltes aangehaal. 'n Laaste wet wat gemeld moet word, is die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur (Wet no 107 van 1998). Dit het die Wet op Omgewingsbewaring (Wet no 73 van 1989) vervang en moet ook benut word ten einde die kultuurerfenis te bewaar (sien pp. 59-60).

Ingevolge die Wet op die Nasionale Erfenishulpbronne (1999b:27) word daar 'n organisasie ingestel wat as die Suid-Afrikaanse Erfenishulpbronagentskap (SAEHA) bekend staan. Dit vervang die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede (RNG). Definisies ingevolge die wet is die volgende:

- Bestuur met betrekking tot erfenishulpbronne, beteken ook die bewaring, aanbieding en verbetering van 'n plek wat ingevolge hierdie wet beskerm word.
- Bewaring met betrekking tot erfenishulpbronne, beteken ook die beskerming, instandhouding, preservering en volhoubare gebruik van plekke of voorwerpe ten einde die kulturele betekenis daarvan te beskerm.
- 'n Erfenishulpbron beteken enige plek of voorwerp van kulturele betekenis.
- Erfenishulpbronowerheid beteken die Suid-Afrikaanse Erfenishulpbronagentskap (SAEHA).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Volgens artikel 3 van die wet (1999b:13-15) geld die volgende as nasionale erfenis:

a. plekke, geboue, strukture en toerusting van kulturele betekenis;
b. plekke waaraan mondelinge tradisies geheg is of wat met lewende erfenis geassosieer word;
c. historiese nedersettings en dorpskappe;
d. landskappe en natuurlike eienskappe van kulturele betekenis;
e. geologiese terreine van wetenskaplike of kulturele belang;
f. argeologiese en paleontologiese terreine;
g. grafte en begraafplase; (Hieronder tel die grafte van voorouers, koninklike grafte en grafte van tradisionele leiers, grafte van slagoffers van konflik, grafte van individue wat deur die Minister by kennisgewing in die Staatskoerant aangewys word, historiese grafte en begraafplase en ander menslike oorskotte wat nie deur die Wet op Menslike Weefsel, 1983 (Wet no 65 van 1983), gedek word nie.)
h. terreine van betekenis wat met die geskiedenis van slawerny inSuid-Afrika verband hou;
i. roerende voorwerpe; (Dit sluit in voorwerpe wat uit die grond of waters van Suid-Afrika herwin is, insluitende argeologiese en paleontologiese voorwerpe en materiaal, meteoriete en seldsame geologiese eksemplare, voorwerpe waaraan mondelinge tradisies geheg word of wat met lewende erfenis geassosieer word, etnografiese kuns en voorwerpe, militêre voorwerpe, voorwerpe van sierkuns of skone kuns, voorwerpe van wetenskaplike of tegnologiese belang en boeke, rekords, dokumente, fotografiese, grafiese, film- of videomateriaal of klankopnames, uitgesonderd publieke rekords soos omskryf in artikel 1 van die Wet op die Nasionale Argief van Suid-Afrika, 1996 (Wet no 43 van 1996).)

Sommige van die voorgeskrewe kategorieë word verder omskryf. Onder argeologiese terreine word die volgende verstaan:

a. Materiële oorblyfsels wat voortspruitend uit menslike bedrywigheid, in 'n toestand van onbruik is, in of op grond is en ouer as 100 jaar is. Dit sluit artefakte, menslike en

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hominiede oorblyfsels en kunsmatige verskynsels en strukture in.

b. Rotskuns wat deur menslike bedrywighede daargestel is wat ouer as 100 jaar is. Enige gebied binne 10 meter van sodanige voorstelling word ook beskerm.
c. Wrakke of enige deel daarvan, van enige vaartuig of lugvaartuig, wat in Suid-Afrika skipbreuk gely of neergestort het, hetsy op land, in die binnewaters, die territoriale waters of in die maritieme kulturele sone van die Republiek, soos omskryf in onderskeidelik artikels 3, 4 en 6 van die Wet op Maritieme Sones, 1994 (Wet no 15 van 1994). Enige vrag, puin of artefakte wat daarby gevind of daarmee geassosieer is en wat ouer as 60 jaar is of wat deur die SAEHA as bewarenswaardig beskou word, is ook ingesluit.
d. Eienskappe, strukture en artefakte geassosieer met militêre geskiedenis, wat ouer as 75 jaar is en die persele waarop dit gevind is (Wet no 25 van 1999:7-9).

Met die term lewende erfenis, word bedoel die ontasbare aspekte van oorgeërfde kultuur insluitende: kulturele tradisie, mondelinge geskiedenis, prestasie, rituele, vaardighede en tegnieke, inheemse kennisstelsels en die holistiese benadering tot die natuur, die samelewing en maatskaplike verhoudings (Wet no 25 van 1999:9). Die gedagte van inheemse kennisstelsels, is van besonderse belang vir hierdie studie en word later (punt 3.4 in hierdie hoofstuk) bespreek.

'n Voorwerp word beskryf as enige argeologiese artefak, paleontologiese en seldsame geologiese eksemplare, meteoriete en ander voorwerpe in artikel 3 (sien vroeër) bedoel (Wet no 25 van 1999:13).

Volgens die wet (1999b:13) is 'n struktuur enige gebou, werke, toestel of ander fasiliteit wat deur mense gemaak is en wat geheg is aan grond en enige vaste en los toebehore en toerusting wat daarmee gepaard gaan.

'n Terrein is enige stuk grond, insluitende grond onder water, en ook enige strukture of voorwerpe

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

daarop.

Die wetgewing maak vir twee vorme van beskerming voorsiening, naamlik formele en algemene beskerming.

### 3.2.1 Formele beskerming

Hieronder word erfenishulpbronne verstaan wat formeel tot erfenis verklaar word. Ses kategorieë van formele beskerming bestaan.

- Eerstens is daar nasionale (graad I) en provinsiale (graad II) erfenisterreine. Dit is plekke wat eienskappe besit wat so uitsonderlik is dat dit van nasionale of provinsiale belang is. Graad I terreine word deur die SAEHA bestuur en graad II terreine deur die provinsiale erfenishulpbronowerhede (Wet no 25 van 1999:43-45).
- Beskermde gebiede is 'n stuk grond rondom 'n nasionale erfenisterrein, wrak, mynhoop, provinsiale erfenisterrein, meteoriet, argeologiese of paleontologiese terrein wat nodig is om die uitsig op sodanige terrein te beskerm. Die onderskeie erfenishulpbronowerhede of plaaslike owerhede is vir die bestuur hiervan verantwoordelik (Wet no 25 van 1999:45).
- Voorlopige beskerming behels 'n tydelike beskerming van beskermde gebiede of erfenisterreine vir 'n periode van twee jaar. Plaaslike owerhede kan 'n bewarenswaardige plek vir 'n periode van drie maande voorlopig beskerm. Die doel hiervan is om aan erfenishulpbronowerhede die geleentheid te bied om deur middel van onderhandeling en oorlegpleging die bedreiging van sodanige terreine te verminder of om ondersoek na die bewarenswaardigheid daarvan in te stel (Wet no 25 van 1999:45-47).
- Erfenisregisters word deur die provinsiale erfenishulpbronowerhede opgestel. Alle erfenishulpbronne in die betrokke provinsie moet daarop gelys word. In die register word die erfenishulpbronne onder die subkategorieë van graad II en III gelys. Laasgenoemde is erfenishulpbronne van plaaslike belang (Wet no 25 van 1999:47).
- Erfenisgebiede het ten doel om enige plek van omgewings- of kulturele belang te beskerm. Beplanningsowerhede moet hierdie gebiede in hulle stads- of streeksbeplanningskemas

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

insluit (Wet no 25 van 1999:49-51).

- Onder erfenisvoorwerpe word die volgende verstaan:
    a. voorwerpe herwin uit die grond of waters van Suid-Afrika. Dit sluit argeologiese en paleontologiese voorwerpe, meteoriete en seldsame geologiese eksemplare in;
    b. beeldendekunsvoorwerpe;
    c. militêre voorwerpe;
    d. numismatiese voorwerpe;
    e. voorwerpe van kulturele of historiese betekenis;
    f. voorwerpe waaraan mondelinge tradisies geheg word en wat met lewende erfenis geassosieer word;
    g. voorwerpe van wetenskaplike of tegnologiese belang;
    h. boeke, rekords, dokumente, fotografiese positiewe en negatiewe, grafiese materiaal, film- of video- of klankopnames, uitgesonderd publieke rekords soos omskryf in artikel I(xiv) van die Wet die op Nasionale Argief van Suid-Afrika, 1996 (Wet no 43 van 1996), of in 'n provinsiale wet of rekords of argiewe; en
    i. enige ander voorgeskrewe kategorie.

3.2.2 Algemene beskerming

Hieronder word hulpbronne verstaan wat deur die wet as erfenis beskerm word sonder dat dit nodig is om verklaar te word. Ses kategorieë van algemene beskerming word aangetref.

- Voorwerpe wat deur die wetgewing van ander state beskerm word mag nie in Suid-Afrika ingevoer word nie. Sodanige voorwerpe mag wel ingevoer word indien 'n permit deur die betrokke staat daarvoor uitgereik is (Wet no 25 van 1999:57-59). Hierdie bepaling is in lyn met die Internasionele Konvensie vir die onwettige invoer van kultuurvoorwerpe (1970), sowel as die Konvensie op die onwettige uitvoer van gesteelde kultuurvoorwerpe (1995).
- Strukture ouer as 60 jaar geniet beskerming. Sodanige struktuur mag net verander of gesloop word indien 'n permit deur die betrokke provinsiale erfenisowerheid uitgereik is (Wet no 25 van 1999:59).
- Argeologiese en paleontologiese terreine en meteoriete is die verantwoordelikheid van provinsiale erfenishulpbronowerhede en is staatseiendom. Niemand mag sonder 'n permit

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

deur die verantwoordelike erfenishulpbronowerheid uitgereik:

a. enige argeologiese of paleontologiese terrein of enige meteoriet vernietig, beskadig, uitgrawe, verander, ontsier of andersins versteur nie;
b. enige argeologiese of paleontologiese materiaal of voorwerp of enige meteoriet vernietig, beskadig, uitgrawe, uit sy oorspronklike posisie verwyder, versamel of besit nie;
c. enige kategorie argeologiese of paleontologiese materiaal of voorwerp of enige meteoriet vir private wins verkoop, uit die Republiek uitvoer of poog om dit uit te voer of daarin handel dryf nie;
d. enige uitgrawingstoerusting of enige toerusting wat met die opspoor of herwinning van metale of argeologiese of paleontologiese materiaal of voorwerpe help, op 'n argeologiese of paleontologiese terrein bring of gebruik nie of sodanige toerusting vir die herwinning van meteoriete gebruik nie (Wet no 25 van 1999:59).

- Begraafplase en grafte is 'n netelige saak en erfenishulpbronowerhede sal streng regulasies instel ten opsigte van die opgrawing en herbegrawe van die inhoud daarvan. Niemand mag sonder 'n permit deur die SAEHA of 'n provinsiale erfenishulpbronowerheid uitgereik die graf van 'n slagoffer van konflik, of enige begraafplaas of deel daarvan wat sulke grafte bevat, vernietig, beskadig, verander, opgrawe of uit sy oorspronklike posisie verwyder of andersins versteur nie. Geen graf of begraafplaas wat buite 'n formele kerkhof geleë is, wat ouer as 60 jaar is en deur'n plaaslike owerheid geadministreer word, mag vernietig, beskadig, verander, opgegrawe, uit sy oorspronklike posisie verwyder of andersins versteur word nie. Geen uitgrawingstoerusting of enige toerusting wat met die opspoor of herwinning van metale help, mag op 'n begraafplaas gebring of gebruik word nie (Wet no 25 van 1999:61).
- Openbare monumente en gedenktekens moet, sonder dat dit nodig is om 'n kennisgewing te dien effekte te publiseer, op dieselfde wyse beskerm word as plekke wat verskyn in 'n erfenisregister (Wet 25 van 1999:63).
- Die bestuur van erfenishulpbronne bepaal dat enige persoon wat ontwikkeling wil onderneem in die heel vroegste stadium van die inisiëring van sodanige ontwikkeling die verantwoordelike provinsiale erfenishulpbronowerheid in kennis stel en voorsien van besonderhede rakende die ligging, aard en omvang van die voorgestelde ontwikkeling (Wet no 25 van 1999:65). Die koste hiervoor word deur die ontwikkelaar gedra. Verslae wat

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hiervoor opgestel word moet die volgende inligting bevat:

a. die identifikasie en kartering van alle erfenishulpbronne in die geaffekteerde gebied;
b. evaluering van die betekenis van sulke hulpbronne;
c. 'n evaluering van die invloed van die ontwikkeling op sodanige erfenishulpbronne;
d. 'n evaluering van die invloed van die ontwikkeling op erfenishulpbronne relatief tot die volhoubare maatskaplike en ekonomiese voordele wat uit die ontwikkeling verkry staan te word;
e. die resultate van oorlegpleging met gemeenskappe wat deur die voorgestelde ontwikkeling geraak word en ander belanghebbende partye betreffende die invloed van die ontwikkeling op erfenishulpbronne;
f. indien erfenishulpbronne nadelig geraak sal word deur die voorgestelde ontwikkeling, die oorweging van alternatiewe; en
g. planne vir verligting van enige nadelige gevolge gedurende en na voltooiïng van die voorgestelde ontwikkeling.

Op grond hiervan kan die betrokke erfenishulpbronowerheid besluit watter aksie nodig is ten einde die erfenishulpbronne wat geaffekteer word te beskerm (Wet no 25 van 1999:65).

Ander belangrike aspekte wat in die wet beklemtoon word is die benutting van erfenishulpbronne vir openbare genieting, opvoeding, navorsing en toerisme. Dit sluit die volgende in:

a. die oprigting van verduidelikende plate en vertolkende fasiliteite, insluitende vertolkende sentrums en besoekersfasiliteite;
b. die verskaffing en opleiding van gidse;
c. die oprigting van uitstallings;
d. die oprigting van gedenktekens; en
e. enige ander middele wat nodig is vir die doeltreffende aanbieding van die nasionale besit.

Voorts kan die SAEHA of 'n provinsiale erfenishulpronowerheid erfenisinspekteurs aanstel. Behoudens die bepalings van enige ander wet kan 'n erfenisinspekteur of enige persoon wat

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

skriftelik deur 'n erfenishulpbronowerheid gemagtig is, enige grond, perseel of eiendom betree met die doel om enige erfenishulpbron wat ingevolge hierdie wet beskerm word, te inspekteer. Die inspekteur kan foto's neem en opmetings doen, sketse maak en enige ander middele vir die aanteken van inligting gebruik wat vir doeleindes van hierdie wet nodig is. 'n Erfenisinspekteur kan ook ter eniger tyd werk inspekteer wat gedoen word kragtens 'n permit uitgereik ingevolge hierdie wet en kan vir daardie doel enige plek wat ingevolge hierdie wet beskerm word, betree. Voorts kan 'n erfenisinspekteur, as daar rede is om te vermoed dat enige werk gedoen word of enige handeling verrig word, wat in stryd met hierdie wet of die voorwaardes van 'n permit ingevolge hierdie wet uitgereik is, gelas dat sodanige werk of handeling onmiddellik gestaak word hangende enige verdere opdrag van die verantwoordelike erfenishulpbronowerheid (Wet no 25 van 1999:77-79).

In aansluiting hierby stel die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur (1998:9) dit dat die kulturele eienskappe ingesluit word as deel van die omgewing waarbinne mense bestaan. Artikel 2(4)(iii) stel dit ook duidelik dat die versteuring van landskappe en terreine wat die nasie se kulturele erfenis daarstel, vermy moet word. Indien dit onmoontlik is om dit te vermy, moet dit reggestel word (Wet no 107 van 1998:13).

Dit beteken gevolglik dat die kultuurerfenis ingesluit moet word by omgewingsimplementerings- en -bestuursplanne. Die belangrikste oogmerk hiermee is om 'n volhoubare omgewing te bereik, te bevorder en te beskerm (Wet no 107 van 1998:23). Die algemene doelstellings van geïntegreerde omgewingsbestuur sluit in om die werklike en potensiële inwerking op die omgewing, sosio-ekonomiese toestande en die kultuurerfenis, die risiko's en gevolge en alternatiewe opsies vir die verligting van aktiwiteite te identifiseer, te voorspel en te evalueer, sodat negatiewe inwerkings so gering as moontlik, voordele so groot as moontlik gehou en die beginsels van omgewingsbestuur nagekom kan word. Hiervoor is dit nodig dat die potensiële inwerking van aktiwiteite op die omgewing, sosio-ekonomiese toestande en die kultuurerfenis oorweeg, ondersoek en vasgestel moet

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

word (Wet no 107 van 1998:35).

Die belangrikste betekenis van hierdie wet ten opsigte van die bewaring van die kultuurerfenis lê daarin dat dit binne 'n groter geheel van die totale omgewing kan geskied. Voorts kan diegene wat die kultuurerfenis skaad nie net onder die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne vervolg word nie, maar ook onder die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur.

'n Belangrike aspek van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne wat by die gedagte van omgewingsbestuur aansluit, is die bepaling van algemene beginsels vir die bestuur van erfenishulpbronne. Vier sodanige beginsels word uitgespel, naamlik:

- Erfenishulpbronne het 'n blywende waarde in eie reg en lewer bewys van die oorsprong van die Suid-Afrikaanse samelewing, en omdat hulle waardevol, eindig, nie-hernubaar en onvervangbaar is, moet hulle sorgvuldig bestuur word om hulle oorlewing te verseker.
- Elke geslag het 'n morele verantwoordelikheid om as trustee van die nasionale kultuurerfenis op te tree vir opvolgende geslagte en die Staat het 'n verpligting om erfenishulpbronne in belang van alle Suid-Afrikaners te bestuur.
- Erfenishulpbronne het die vermoë om versoening, begrip en respek te bevorder, en dra by tot die ontwikkeling van 'n verenigende Suid-Afrikaanse identiteit.
- Erfenishulpbronbestuur moet waak teen die gebruik van die erfenis vir sektariese doeleindes of politieke gewin (Wet no 25 van 1999:17).

In aansluiting hierby gee Van Vollenhoven (1998a:48-49) ook 'n aantal beginsels, naamlik:

- Persone wat kultuurerfenisopnames doen moet die wetgewing ken. Die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne moet benut word om Suid-Afrika se kultuurerfenis te bewaar. Wetgewing behoort algemeen beskikbaar te wees sodat enigeen op hoogte daarvan kan kom.
- 'n Waardebepaling van kultuurhulpbronne moet so vroeg as moontlik gedoen word tydens ontwikkelingsbeplanning. 'n Betroubare waardebepaling van kultuurhulpbronne kan net gedoen word as 'n opname op die terrein uitgevoer is. As hierdie werk lank voor die tyd gedoen word, sal dit duur onderbrekings in ontwikkelingsprojekte voorkom. Vier tipes

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

waardes bestaan, naamlik simboliese waarde, inligtingswaarde, estetiese waarde en ekonomiese waarde. Op hierdie wyse kan die voortbestaan van sodanige hulpbronne verseker word.

- Kultuurhulpbronopnames kan net gedoen word indien 'n argeoloog deel van die projekspan uitmaak, omdat permitte vir sekere werk (byvoorbeeld die opgrawe van argeologiese terreine) net aan professioneel opgeleide argeoloë uitgereik mag word. Wanneer 'n kultuurerfenisprojek nie sodanige permit vereis nie, kan die projek sonder medewerking van 'n argeoloog uitgevoer word.
- Die ontwikkelaar moet die finansiële verantwoordelikheid vir die uitvoer van kultuurerfenisprojekte aanvaar. Hierdie kostes sluit onder meer konsultasiefooie, salarisse en lone, die huur van toerusting, vervoerkoste, lewenskoste tydens veldwerk, skryf van die verslag, sortering van materiaal en koolstofdaterings in.
- Artefakte wat tydens 'n kultuurerfenisbestuursprojek ingesamel word, behoort aan die nasie en moet gevolglik by 'n openbare instelling, soos 'n museum, geberg word. Sodoende word dit bewaar en kan dit bestudeer word. Nadat die nodige museumkundige dokumentasie afgehandel is, kan die voorwerpe deur middel van bruikleen uitgestal word. Die navorser is aanspreeklik teenoor die gemeenskap vir die bewaring van kultuurhulpbronne.
- Daar moet probeer word om soveel historiese terreine as moontlik te bewaar.
- Daar moet probeer word om die doelwitte van kultuurerfenisbestuur met dié van basiese navorsing te versoen.
- Die publiek moet by kultuurerfenisbestuur betrek word en hulle moet eienaarskap vir kultuurhulpbronne aanvaar. Op hierdie wyse sal respek tussen groepe ook aangemoedig word.
- Die herbegrawe van skeletmateriaal is 'n netelige kwessie, wat met omsigtigheid saam met die betrokke gemeenskappe, oorweeg moet word.
- Behoorlike dokumentasie, volgens internasionaal aanvaarde museologiese beginsels, is noodsaaklik.
- Daar moet teen die kommersiële uitbuiting van voorwerpe gewaak word.
- Nadat 'n navorser werk oor kultuurhulpbronne voltooi het, moet die inligting aan die publiek bekend gestel word.
- Kultuurhulpbronne kan vir opvoedkundige doeleindes aangewend word. Dit kan ook benut word om die waardes, geskiedenis en norme van gemenskappe te reflekteer.
- Kultuurhulpbronne moet op 'n ekonomies lewensvatbare wyse bestuur word. Dit sluit

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hergebruik, eerder as vernietiging en benutting ten opsigte van toerisme en ontspanning in.
- Kultuurhulpbronne kan slegs bestuur word as die betrokke partye genoegsame kennis oor en begrip daarvoor het.

Hierdie beginsels sluit aan by dit wat deur internasionale konvensies vereis word. Die belangrikste hiervan is die Venesiaanse handves vir die konservering en restourasie van monumente en terreine (1964). Ten einde die integriteit van 'n terrein te bewaar, behoort die riglyne in hierdie handves nagekom te word.

### 3.3 Erfenishulpbronbestuursbehoeftes

Ingevolge die Internasionale Konvensie rakende die beskerming van die wêreld kultuur- en natuurlike erfenis (1972) kan state erfenisterreine voorlê vir insluiting in die lys van wêrelderfenisterreine. Om in die lys ingesluit te word, moet 'n terrein van internasionale belang wees.

Omdat terreine op hierdie lys van internasionale belang is, kan daar hulp van die Wêreld Erfeniskomitee verkry word om dit te beskerm, bewaar, aan te bied en te rehabiliteer. Hulp, wat finansiële bydraes insluit, word deur middel van ICOMOS (International Council of Monuments and Sites), UNESCO (United Nations Educational, Scientific and Cultural organisation) en IUCN (International Union of Conservation of Nature and Natural Resources) verleen.

Verskeie internasionale konvensies bestaan om kultuurerfenisterreine te beskerm. Hieronder tel onder andere die volgende:
- Charter on the built vernacular heritage (1999a).
- UNESCO se Convention for the protection of cultural property in the event of armed conflict

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

(1954) en die tweede protokol (1999a) in hierdie verband, sowel as die sinopsis daarvan (1999b).

- ICOMOS se riglyne vir die bewaring van houtgeboue (1999b), historiese tuine - die Florance handves (1982), historiese dorpe - die Washington handves (1987), argeologiese erfenisbestuur (1990), onderwater kultuurerfenis (1996b) en kultuurtoerisme (1999c).
- UNESCO se aanbevelings ten opsigte van argeologiese opgrawings (1956), argitektuur en stadsbeplanning (1956), die karakter van landskappe en terreine (1962), die voorkoming van onwettige handel in kultuurbesit (1964), die preservering van kultuurbesit wat deur openbare en privaatonwikkeling bedreig wod (1968), die beskerming op 'n nasionale vlak van die kultuur- en natuurlike erfenis (1972), die beveiliging en kontemporêre rol van historiese gebiede (1976), die internasionale uitruil van kultuurbesit (1976) en die bewaring van die roerende kultuurbesit (1978).
- Die Venesiaanse handves vir die konservering en restourasie van monumente en terreine (1964 - gewysig in 1996).
- Die Atheense handves vir die restourasie van historiese monumente (1931 - gewysig in 1996).

Benewens die genoemde standaarde en konvensies bestaan daar ook nog 'n legio ander internasionale verklarings in verband met die bewaring van die kultuurerfenis. Sommige hiervan is spesifiek in samewerking met sekere lande opgestel, byvoorbeeld die "Australia ICOMOS Charter for the conservation of places of cultural significance" (the Burra charter) (1981 - gewysig in 1996).

Ingevolge die Burra charter (artikel 2) is die doel van konservering om die kulturele belang (cultural significance) van 'n plek te herstel. Dit sluit die beveiliging, instandhouding en toekoms daarvan in (ICOMOS 1996a:1). Hierdie gedagte is in ooreenstemming met die beginsels van erfenisbestuur.

Artikel 4 van die Burra charter spreek die wens uit dat alle dissiplines wat 'n rol in die bestudering van 'n plek kan speel, benut behoort te word in die bestudering daarvan (ICOMOS 1996a:1). In

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hierdie opsig stem dit ooreen met die doelwitte van hierdie studie (vergelyk punt 5 in hoofstuk 1). In aansluiting hierby stel artikel 5 dit dat alle aspekte van 'n plek se kulturele belang in ag geneem behoort te word, sonder dat een aspek tot nadeel van die ander beklemtoon word.

Dit is hierdie kulturele belang wat, volgens artikel 6, bepalend is vir die konserveringsbeleid van 'n plek. Die konserveringsbeleid is bepalend vir die gebruik, verandering, beveiliging en bewaring van 'n historiese terrein (ICOMOS 1996a:2).

Die Burra charter beklemtoon dat selfs die toestand van 'n plek genoegsame rede vir die bewaring daarvan op grond van kulturele belang is. Bewaring sluit die beskerming, instandhouding en stabilisering van strukture in.

Restourasie, rekonstruksie en aanpassing van strukture behoort slegs plaas te vind indien daar genoegsame bewyse van 'n vorige staat van die struktuur gevind is, sodat die kulturele belang daarvan herwin en beklemtoon kan word. Die kulturele belang van verskeie periodes moet egter in ag geneem word (ICOMOS 1996a:2-3).

Argeologiese opgrawings word deur die charter as 'n belangrike metode gesien om inligting in te samel, hetsy vir restourasiedoeleindes of vir die inwin van wetenskaplike kennis (ICOMOS 1996a:3-4). In hierdie opsig sluit dit aan by die navorsings- en erfenishulpbronbestuursbehoeftes wat in hierdie studie aangespreek word (vergelyk punt 2.2 en pp. 58-62 in hierdie hoofstuk, sowel as hoofstuk 10).

Ten slotte dui die Burra charter in artikel 25 aan dat die kulturele belang van 'n plek deur

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ondersteunende inligting soos foto's, sketse en materiaalmonsters versterk word (ICOMOS 1996a:4). Hierdie is 'n belangrike bepaling, aangesien dit die metodiek ten opsigte van die navorsing op plekke van kulturele belang beïnvloed. Hieronder tel die dokumentering van terreine op alle moontlike wyses en so volledig as moontlik, sowel as die berging en beskikbaarstelling van hierdie dokumentasie en materiaal. Noodwendig het dit verrykende gevolge in argeologiese navorsing, omdat dit beklemtoon dat die dokumentasie en berging van inligting omtrent 'n terrein moeilik volledig genoeg gedoen kan word. Voorts impliseer dit dat 'n volledige rekord, bestaande uit beskrywings, foto's, planne, kaarte, sketse en dies meer beskikbaar moet wees om deur die gemeenskap benut te kan word vir opvoedkundige en bewaringsdoeleindes.

Die Burra charter het 'n beduidende invloed op die wyse waarop die kultuurerfenis hanteer moet word. Daar word soms ook na die kulturele belang as erfenisbelang (heritage significance) verwys. Die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne verwys spesifiek hierna in artikel 3(3). Hiervolgens word 'n plek of voorwerp as deel van die nasionale besit beskou as dit kulturele betekenis het omrede:

a. die belangrikheid daarvan in die gemeenskap of in die loop of patroon van Suid-Afrika se geskiedenis;
b. dit ongewone, seldsame of bedreigde aspekte van Suid-Afrika se natuurerfenis of kultuurerfenis besit;
c. die potensiaal daarvan om inligting op te lewer wat sal bydra tot 'n begrip van Suid-Afrika se natuurerfenis of kultuurerfenis;
d. die belangrikheid daarvan om die vernaamste eienskappe van 'n bepaalde klas van Suid-Afrika se natuurlike of kulturele plekke of voorwerpe te toon;
e. die belangrikheid daarvan om bepaalde estetiese eienskappe waaraan 'n gemeenskap of kultuurgroep waarde heg, te toon;
f. die belangrikheid daarvan om 'n hoë mate van skeppende of tegniese prestasie in 'n bepaalde tydperk te toon;
g. die sterk of spesiale assosiasie daarvan met 'n bepaalde gemeenskap of kultuurgroep om

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

maatskaplike, kulturele of geestelike redes;

h. die sterk of spesiale assosiasie daarvan met die lewe of werk van 'n persoon, groep of organisasie van belang in die geskiedenis van Suid-Afrika; en

i. plekke van betekenis met betrekking tot die geskiedenis van slawerny in Suid-Afrika (Wet 25 van 1999:15).

Die grootste deel van die kultuurerfenis van 'n land bestaan uit terreine, strukture, lewende erfenisse en voorwerpe, wat nooit as nasionale of wêrelderfenisse gereken sal word nie, aangesien die belang daarvan op 'n streeksvlak lê of omdat die omvang van die terrein (in soverre dit grootte, sowel as inligting raak) nie groot genoeg is nie. Hierdie terreine sal dus nie sonder meer die aandag van wetenskaplikes en die owerhede trek nie. Dit beteken egter nie dat dit onbelangrik geag word nie. Die navorsing, bestuur en ontwikkeling daarvan is juis van besonderse betekenis vir plaaslike gemeenskappe. Schofield (1998:23) stel dit duidelik dat sommige terreine en strukture moontlik nie uitstaande voorbeelde van hulle soort of spesifieke estetiese kwaliteite het nie, maar dat dit op 'n plaaslike vlak van groot belang kan wees.

In die bestuur van die kultuurerfenis gaan dit oor die verskynsel self en die belang daarvan ingevolge wetgewing. Die wetgewing is voorts ingestel op die popularisering van die erfenis, met ander woorde die gemeenskapsbelang daarvan. Die enigste moontlike tekortkoming, is die gebrek aan die nodige kundigheid om hierdie taak uit te voer. Wetenskaplikes behoort al hoe meer hierby betrokke te raak sodat die kultuurerfenis objektief nagevors en op verantwoordelike wyse bestuur kan word. Sodoende sal die gemeenskap dit optimaal kan benut sonder dat die integriteit daarvan sal skade ly. Die gevallestudies in hierdie studie is voorbeelde van terreine, wat van plaaslike belang is en is goeie voorbeelde om die belang hiervan binne die kader van erfenisbestuur te illustreer (vergelyk hoofstuk 10). Punt g hierbo vermeld, sluit aan by hierdie gedagte en verwys na die inheemse kultuurerfenis en kennisstelsel van inheemse gemeenskappe.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

### 3.4 Die inheemse kennisstelsel

'n Laaste aantal gedagtes ten opsigte van die begrip inheemse kennisstelsel (vergelyk p. 45) is nodig aangesien dit bepalens in die keuse van gevallestudies vir hierdie studie was. Hierdie idee kom direk uit die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne (1999b:9).

Inheemse kennisstelsels het te make met tradisionele en plaaslike kennis en word teenoor die internasionale, globale of Westerse kennisstelsel geplaas. Laasgenoemde word deur universiteite, regerings-navorsingssentrums en private industrieë daargestel. Die inheemse kennisstelsels verwys na die kennis van inheemse mense sowel as enige gedefinieerde gemeenskap, en vorm 'n onlosmaaklike deel van daardie gemeenskap se kultuurerfenis (Nuffic g.d.:1; Adam g.d.:1).

Dit is veral van belang dat dit duidelik gestel word dat enige gedefinieerde gemeenskap binne die omskrywing van die begrip "inheems" ressorteer. In die Suid-Afrikaanse omstandighede beteken dit dat die Afrikaner[1] as sodanige gemeenskap sou kwalifiseer. Dit is om hierdie rede dat gevallestudies, wat vir hierdie spesifieke groep betekenis het, benut is.

Daar word van die veronderstelling uitgegaan dat die bevindinge van hierdie studie net so toepaslik op ander inheemse groepe met hulle unieke kennisstelsels sal wees, maar hierdie spesifieke groep is gekies omdat verskeie projekte oor die laaste aantal jare gedoen is, wat die historiese argeologie van hierdie groep raak.

Die inheemse kultuurerfenis word tot 'n groot mate deur die inheemse kennisstelsel beïnvloed,

---

[1] Die bedoeling is nie hier om 'n debat rondom die definisie van wat 'n Afrikaner is aan die gang te sit nie. Daar word ook nie probeer om 'n politieke standpunt in te neem of te ontken dat die begrip waarskynlik 'n veel wyer betekenis het nie. Vir die doeleindes van hierdie studie word die Afrikaner gesien as die blanke inwoners van die navorsingsgebied, vir wie die gevallestudies wat benut word, 'n besonderse betekenis het op grond van 'n historiese affiliasie met die persone en gebeure wat dit tot stand gebring het.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

omdat laasgenoemde betekenis aan die erfenis van 'n gegewe groep verleen. Dit verskaf die basis vir plaaslike besluitneming deur middel van die formele en informele gemeenskapsorganisasies. Op hierdie manier word die inheemse kennisstelsel en erfenis uitgebrei (Nuffic g.d.:1; IIRR g.d.:1).

Sodoende is die navorsers betrek by argeologiese terreine wat vir 'n deel van die gemeenskap van belang is. Samewerking tussen die argeoloog en gemeenskap het tot die navors van die gevallestudies wat hier benut word, gelei. Hoewel nie een hiervan uitgebreide afsettings en strukture en wetenskaplik belangrike eienskappe besit nie, is dit tipies van die kleiner argeologiese terreine wat van besonderse kulturele belang vir 'n spesifieke gemeenskap is. Hierdie belang word deur die gemeenskap self daaraan gegee op grond van onder andere 'n historiese persoonlikheid of gebeurtenis waarmee dit verbind word.

Gevolglik is dit belangrik dat die navorser die gemeenskap se idees, belange, kennis en dies meer in ag neem tydens die navorsingsproses. 'n Doelbewuste versoening tussen die wetenskaplik-akademiese navorsingsproses en die waardestelsel van die gemeenskap is dus belangrik. Hierdie versoening is slegs moontlik binne 'n model waar daar voldoen word aan navorsings- en erfenishulpbronbestuursbehoeftes (sien punt 3.3). Dit beteken dat elke gemeenskapsgerigte navorsingsprojek ook aan navorsingsstandaarde gemeet behoort te word. Hierdie gedagte sluit direk aan by die beginsel dat die doelwitte van erfenisbestuur en basiese navorsing met mekaar versoen behoort te word (vergelyk p. 52). Die erfenishulpbronbestuursbehoeftes spruit direk hieruit voort.

Van Vollenhoven (1998a:93) het ook uitgewys dat daar 'n verband tussen museumfunksies en kultuurhulpbronbestuur bestaan (tabel 3.1). Uit hierdie verband en die wetgewing kan die volgende kriteria uit die behoeftes van erfenishulpbronbestuur daargestel word: navorsings-, bestuurs-, opvoedkundige en gemeenskapsbehoeftes en wetgewingsvereistes.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**TABEL 3.1 VERBAND TUSSEN MUSEUMFUNKSIES EN BEWARINGSWETGEWING**

| **Museumfunksie** | **Bewaringswetgewing** |
|---|---|
| Versameling | Opname/Opsporing |
| Dokumentasie (lysting van voorwerpe)<br>Administrasie | Inventarisering<br>(lysting van kultuurhulpbronne) |
| Klassifikasie | Dokumentasie (beskrywing van kultuurhulpbronne) |
| Navorsing | Evaluering/Waardebepaling<br>Navorsing |
| Uitstalling | Bewaring (*in situ*) |
| Bewaring (preservering en konservasie) | Beskerming |
| Openbare verantwoordelikheid<br>Kommunikasie | Gemeenskapsbetrokkenheid |
| Opvoeding<br>Publikasie<br>Hulpbron<br>Behoeftevervulling<br>Interpretasie | Benutting |

Navorsingsbehoeftes behels die opname, opsporing en versameling van erfenishulpbronne, sowel as die klassifikasie en beskrywing daarvan. Die evaluering (waardebepaling) en uiteindelik publisering van inligting daaroor, word ook hier ingedeel.

Die bestuursbehoeftes het te make met die inventarisering, dokumentering, administrasie en uiteindelik ontwikkeling van erfenishulpbronne. Die ontwikkeling van erfenishulpbronne hou met die benutting daarvan verband.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Opvoedkundige behoeftes verwys na die uitstalling en kommunikasie van inligting deur middel van erfenishulpbronne. Dit sluit ook die funksies van opvoeding deur middel van erfenishulpbronne, sowel as die interpretasie daarvan in en hou eweneens met die benutting daarvan verband.

Gemeenskapsbehoeftes hou verband met opvoedkundige behoeftes. Dit sluit die beskerming, bewaring, uitstalling en benutting van erfenishulpbronne in. Die betrokkenheid van die gemeenskap is 'n belangrike onderdeel van hierdie kriteria. Die uiteindelike doel hiervan is om 'n behoefte in die gemeenskap te vervul.

Die wetgewingsvereistes behels bewaring (preservering en konservasie) en die openbare verantwoordelikheid van die regering ten opsigte van erfenishulpbronne. Wetgewing wat gedurende 1999 deur die parlement aanvaar is, naamlik die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne (Wet no 25 van 1999), skryf die betrokkenheid van die onderskeie vlakke van regering by die bewaring van die Suid-Afrikaanse kultuurerfenis voor (vergelyk punt 3.2). Die Wet op die Nasionale Erfenisraad (Wet no 11 van 1999) hou ook hiermee verband.

Ook in hierdie geval word die inheemse vermeld. Hiervolgens word ‘n Nasionale Erfenisraad aangestel met die doel om die nasionale erfenis vir huidige en toekomstige geslagte te ontwikkel, te bevorder en te beskerm en om erfenisbestuur te koördineer. Voorts is dit verantwoordelik om die inhoud en erfenis wat oratuur is te beskerm, te bewaar en te bevorder ten einde dit toeganklik en dinamies te maak en om die lewende erfenis te integreer met die funksies en bedrywighede van die Raad en alle ander erfenisowerhede en -instellings op nasionale, provinsiale en plaaslike vlak. ‘n Belangrike taak van die Raad is om die inheemse kennisstelsels te bevorder en te beskerm, om ondersteuning vir die bevordering van die geskiedenis en kultuur van al ons mense te versterk en om in die besonder navorsing en publisering van slawerny in Suid-Afrika te ondersteun (Wet no 11 van

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

1999:5).

Ten slotte kan gemeld word dat alle erfenishulpbronne, wat aan een of meer van die onderstaande lys vereistes voldoen, deur wetgewing beskerm word:

a. Dit moet van belang wees in die verloop of vorming van die Suid-Afrikaanse geskiedenis.
b. Dit moet ongewone, skaars of bedreigde aspekte van Suid-Afrika se natuur- of kultuurerfenis wees.
c. Terreine wat potensiaal besit om inligting te bevat ten einde Suid-Afrika se natuur- of kultuurerfenis te verstaan.
d. Terreine wat belangrik geag kan word vanweë hulle vermoë om die belangrikste eienskappe van die voorwerpe of natuurlike of kultuuromgewing van 'n spesifieke groep in Suid-Afrika uit te beeld of te demonstreer.
e. Terreine wat belangrik geag kan word aangesien dit eienskappe besit waaraan 'n spesifieke gemeenskap of kultuurgroep spesifieke estetiese waarde koppel.
f. Terreine wat 'n hoë graad van kreatiewe of tegnologiese prestasies (afkomstig vanaf 'n spesifieke tydperk) besit.
g. Dit moet 'n baie sterk assosiasie met die sosiale, kultuur- of religieuse aspekte van 'n bepaalde gemeenskap besit.
h. Terreine wat 'n sterk assosiasie met die lewe of werk van 'n belangrike persoon, groep of organisasie in die geskiedenis van Suid-Afrika het (Wet 25 van 1999:14).

Punte d, e, f en h beklemtoon weer eens die belang van plaaslike gemeenskappe, soos vroeër vermeld.

Hierdie kriteria sal saam met die kriteria wat uit die navorsingsbehoeftes saamgestel is, benut word om die wetenskaplike paradigmas en gevallestudies in hierdie studie te meet.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# 4. DEFINIëRING VAN HISTORIESE ARGEOLOGIE

Aangesien daar in hierdie studie van voorbeelde uit die historiese argeologie gebruik gemaak word, is dit vervolgens nodig dat die begrip historiese argeologie gedefinieer word. Dit is reeds 'n geruime tyd dat daar na 'n algemeen aanvaarbare definisie vir die onderafdeling van die vakgebied argeologie, wat as historiese argeologie bekend staan, gesoek word (Orser 1996:23). Geen duidelike definisie vir historiese argeologie is voor die sestigerjare van die twintigste eeu daargestel nie (Schuyler 1970:84). Sedert die sestigerjare van die twintigste eeu is verskeie definises voorgestel, maar elkeen hiervan blyk die een of ander tekortkoming te hê. In 'n poging om hierdie tekortkominge te bowe te kom, is definisies deur die jare aangepas en verbeter, maar nuwe tekortkominge is telkens uitgewys.

Hierdie moet gesien word as 'n poging om met nuwe insig 'n aanvaarbare, werkbare definisie, wat alle aspekte van historiese argeologie insluit en alle ander aspekte van die vakgebied argeologie uitsluit, vir historiese argeologie daar te stel. Alvorens dit gedoen kan word, moet die geskiedenis van historiese argeologie eers kortliks bespreek word.

## 4.1 Historiese verloop van historiese argeologie as studiegebied

### 4.1.1 Die Verenigde State van Amerika

Die eerste voorbeelde van wat allerweë as historiese argeologie bekend staan, kom uit die jare 1855 en 1856 in die VSA (Orser & Fagan 1995:23-25). Skrywers soos Schuyler (Orser & Fagan 1995:7) en Dederen (1989:154), is van mening dat die sogenaamde klassieke argeologie[2] deel van historiese argeologie uitmaak. Dit beteken dat die eerste voorbeelde so ver teruggevoer kan word as die

[2]Klassieke argeologie of die klassieke periode verwys in die sogenaamde "Ou Wêreld" na die Griekse en Romeinse beskawings, dit wil sê beskawings van die Middellandse seegebied. In die "Nuwe Wêreld" sluit die beskawings van onder andere Sentraal- en Suid-Amerika in (vegelyk Bray & Trump 1982:64; Deetz 1967:132).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Griekse historikus Herodotus se werk oor Egipte (Carter 1980:40-41; Sharer & Ashmore 1979:36).

So vroeg soos 1910[3] het Fish (1978:9) die mening uitgespreek dat byna elke historikus ietwat van 'n argeoloog moet wees en dat elke argeoloog ietwat van 'n historikus moet wees. Dit blyk die eerste poging tot 'n omskrywing van historiese argeologie te wees. Die eerste werklike definisie is eers in die vyftigerjare van die twintigste eeu gekonstateer toe Harrington (1978:3) historiese argeologie as "an auxiliary science to American History" beskryf het. Hy het beklemtoon dat argeologiese data saam met dokumentêre bewyse gebruik moet word om terreine te interpreteer. Historiese argeologie is dus tot in hierdie stadium bloot gesien as 'n manier om addisionele inligting aan historici te verskaf. Noël-Hume het byvoorbeeld daarna verwys as "the handmaiden of history" (Orser & Fagan 1995:30).

Vandag word historiese argeologie as veel meer as net 'n aanvulling vir geskiedenis gesien. Dit word as ‘n selfstandige onderafdeling van die vakwetenskap argeologie beskou. In hierdie verband beteken dit dat historiese argeologie nie verskillend van prehistoriese argeologie is nie, behalwe dat eersgenoemde met geskiedenis en laasgenoemde met antropologie verband hou (Orser & Fagan 1995:30; Deetz 1991:2; Deagan 1991:10).

Die "Historic Sites Act" word in 1935 in die VSA aanvaar. Dit het bepaal dat historiese terreine, geboue en voorwerpe as openbare erfenis bewaar kon word (Renfrew & Bahn 1991:471; Orser & Fagan 1995:25). Op hierdie wyse is nuwe aansien aan historiese argeologie verleen en gevolglik is al meer histories-argeologiese navorsingsprojekte aangepak.

---

[3] R.L. Schuyler het in 1978 ‘n publikasie die lig laat sien, waarin hy verskeie vroeëre artikels en referate in verband met historiese argeologie saamgevat het. Die titel daarvan in **Historical archaeology: a guide to substantive and theoretical contributions**. Baywood Publising Company, New York.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

### 4.1.2 Europa en Brittanje

In teenstelling met lande buite Europa waar argeologie sterk bande met antropologie het, het argeologie in Europa sterk bande met geskiedenis (Hodder 1995:10; Hodder 1991:10). Die rede hiervoor is dat die klassieke argeologie (sien voetnoot 2) die ruggraat van historiese argeologie in Europa vorm. Hierdie aspek is van groot belang omdat dit die verskillende benaderings ten opsigte van historiese argeologie direk raak.

Argeoloë in Brittanje het hulle aandag sedert 1908 al meer op Middeleeuse nedersettings gevestig. Dit het tot grootskaalse histories-argeologiese navorsing na die Tweede Wêreldoorlog gelei. In 1952 gee dit aanleiding tot die stigting van die "Deserted Medieval Village Research Group" (DMVRG), wat 'n groot verskeidenheid opgrawingsprojekte op historiese terreine onderneem het. Dit het sedert die vroeë sewentigerjare gelei tot wat genoem word stedelike geskiedenis ("urban history") en industriële argeologie ("industrial archaeology"), wat as onderafdelings van historiese argeologie beskou kan word (Dymond 1974:133-137, 141, 153).

Hierdie tipe argeologie word aan die historiese argeologie van die sogenaamde "Nuwe Wêreld" gelyk gestel (Renfrew & Bahn 1991:11, 39). Gevolglik is historiese argeologie in Europa en Brittanje vandag net soveel deel van die vakgebied argeologie as prehistoriese argeologie (vergelyk byvoorbeeld Hodder 1987a).

### 4.1.3 Suid-Afrika

Historiese argeologie is 'n veel jonger sub-dissipline in Suid-Afrika. Die eerste gedokumenteerde voorbeeld van histories-argeologiese navorsing in Suid-Afrika is die opgrawings wat in 1938 deur Axelson gedoen is. Tydens hierdie projek is fragmente van die Diaskruis by Kwaaihoek by die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Boesmansriviermond tussen Port Elizabeth en Port Alfred gevind (Axelson 1958:121). Hierdie studie kan as 'n geïsoleerde geval beskou word, aangesien die eerste insidente van histories-argeologiese navorsing in Suid-Afrika daarna 'n aantal projekte is wat tussen 1962 en 1983 deur Mason uitgevoer is (Mason 1989:317-318). Sedert die sestigerjare het M Emms ook verskeie keer artefakte "gered" wat tydens konstruksiewerk in Kaapstad blootgelê is (Abrahams 1985:41).

In die laat sewentigerjare en vroeë tagtigerjare is histories-argeologiese navorsing by die Universiteit van Kaapstad gevestig, wat tot 'n opbloei in historiese argeologie gelei het (Abrahams 1985:49-51; Boeyens 1998:5). Dit het gevolg op die toevallige ontdekking van 'n waterreservoir uit 1663, tydens die uitgrawings vir die bou van die Goue Akker winkelsentrum in Kaapstad in 1975 (Abrahams:1985:43; Vos 1993:2). Sedert die tagtigerjare het die Stellenbosch Museum en die Suid-Afrikaanse Kultuurhistoriese Museum 'n verskeidenheid van histories-argeologiese navorsingsprojekte uitgevoer (Abrahams 1985:52-62; Abrahams 1987; Abrahams 1994; Abrahams-Willis1998; Hall & Markell 1993:3; Vos 1993:2-3) Die Stellenbosch Museum het byvoorbeeld die eerste voltydse pos vir 'n historiese argeoloog in Suid-Afrika daargestel (Abrahams 1985:45).

Die Universiteit van Pretoria, die Transvaalse Provinsiale Museumdiens en die Suid-Afrikaanse Weermag het in 1984 met histories-argeologiese navorsing by die Voortrekkerdorp, Schoemansdal, begin (Suid-Afrikaanse Weermag 1988:1-31; Anoniem g.d.:7). Vanweë die omvang van die terrein en die projek kan dit waarskynlik as die mees intensiewe histories-argeologiese navorsingsprojek wat tot dusver in Suid-Afrika onderneem is, beskou word. Verskeie histories-argeologiese navorsingsprojekte is sedertdien deur studente van hierdie universiteit onderneem. Hieronder tel opgrawings by die Pionier Museum (Küsel 1988:1-81; Van Vollenhoven 1998b:1-62), Fort Daspoortrand (Van Vollenhoven 1992a:224-342), die Marico (Boeyens 1998) en Melrosehuis (Van Vollenhoven 1994a:1-25).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die Nasionale Kultuurhistoriese Museum in Pretoria is sedert die middel tagtigerjare, maar veral sedert die vroeë negentigerjare toenemend by historiese argeologie betrokke. Voorbeelde hiervan is opgrawings by Rooihuiskraal (Van Ewyk 1986), die Lucas Bronkhorstruïne (Van Schalkwyk e.a. 1992:1-14), Melrosehuis (Van Schalkwyk e.a. 1995:81-99), Kerkstraat (Van Schalkwyk e.a. 1995:78-83) die Krugerwildtuin (Van Vollenhoven e.a. 1998:113-120) en Minnaarstraat (Van Schalkwyk e.a. 1996:1-8).

'n "Historical Archaeology Research Group" is vroeg in die negentigerjare by die Universiteit van Kaapstad gestig. Hierdie navorsingseenheid fokus grootliks op die agtiende-eeuse Kaapstad en omgewing. Projekte wat deur hierdie eenheid onderneem is, sluit opgrawings in die Kasteel, by sommige fortifikasies en by verskeie woonhuise in (Hall & Markell 1993:7; Seeman 1993). By die Universiteit van die Witwatersrand (Pelser 1996:1-47) en by die Universiteit van Stellenbosch (Vos 1993:1-280; Schoeman 1987:1-113; Abrahams 1985:44; Hall & Markell 1993:5) is ook studies in die historiese argeologie uitgevoer.

Bostaande dui daarop dat historiese argeologie oor 'n wye gebied uitgevoer word deur die instansies in Suid-Afrika waar argeologie bestudeer en beoefen word. Hierdie is maar enkele voorbeelde van histories-argeologiese navorsing in Suid-Afrika. Dit maak by al die universiteite waar argeologie in Suid-Afrika gedoseer word deel van die leerplan uit. Gevolglik is dit duidelik dat dit ook hier 'n gevestigde onderafdeling van die vakgebied argeologie uitmaak.

### 4.2 Definisies van historiese argeologie

Daar bestaan tans 'n meningsverskil oor die indeling van die vakgebied argeologie in onderafdelings. Sommige skrywers verdeel dit in prehistoriese en historiese argeologie, terwyl ander 'n protohistoriese fase tussenin voeg. Hierdie is 'n kritieke aspek ten opsigte van die definiëring van

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

historiese argeologie en sal aan die hand van vorige definisies daarvan getoets word.

4.2.1 Die periode-konsep

Die eerste professionele histories-argeologiese kongres in die VSA vind in 1960 plaas. By hierdie geleentheid is historiese argeologie gedefinieer as post-prehistories (Orser 1996:23). Schuyler (1970:84) het in 1970 dit as die studie van die materiële oorblyfsels van enige historiese periode gedefinieer (Orser & Fagan 1995:6), terwyl South (1977b:1-2, 25) dit beskryf het as argeologie wat op terreine van die historiese periode uitgevoer word.

Hierdie eenvoudige definisie klink baie logies. Enigiets wat nie deel van prehistoriese argeologie uitmaak nie, moet gevolglik deel van historiese argeologie wees. Die probleem hiermee is dat dit vaag is omdat dit nie duidelik stel wat met die terme "histories" en "historiese argeologie" bedoel word nie.

'n Verdere probleem is dat daar nie duidelikheid is oor wanneer die prehistoriese periode eindig en wanneer die historiese periode begin nie. Die onderskeid tussen die twee periodes (daar word nie vir die protohistoriese fase voorsiening gemaak nie), word vaagweg gemaak op grond van die bestaan van skrif en die daarmee gepaardgaande geskrewe dokumente (Schuyler 1970:84; Orser 1996:23). Onder historiese argeologie word dan onder andere klassieke, Middeleeuse, post-Middeleeuse, koloniale, stedelike en industriële argeologie verstaan (Deetz 1967:3-4; Orser & Fagan 1995:7; Dickens 1982:xx; Schuyler 1970:84; Fagan 1991:2).

Die enigste belangrike aspek uit die genoemde definisies is dat historiese argeologie te make het met die historiese periode. 'n Verdere afleiding hieruit is bloot dat die historiese periode op die prehistoriese periode (post-prehistories) volg. Tyd is dus die kardinale verdelingsagent.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

4.2.2 'n Metodologiese oorweging

'n Tweede algemene definisie van historiese argeologie plaas die klem op die metodologiese aspekte van historiese argeologie (Orser & Fagan 1995:8). Dit word deur South (1977a:1-2) gedefinieer as argeologiese terreine uit die historiese periode waar daar van etnografiese en historiese data gebruik gemaak word. In 'n ander bron stel hy dit soos volg:

> Those studies using both archeological and historical data have come to be called 'historical Archeology' (South 1977b:1).

Die verwysing na die aanwending van argeologiese, etnografiese en historiese data is van groot belang in hierdie definisies. Sommige skrywers beklemtoon die gelyke kombinering van hierdie databasisse (Orser & Fagan 1995:8). Dit gaan oor die gebruik van nie-argeologiese data saam met en aanvullend tot argeologiese data, 'n multidissiplinêre benadering (Barber 1994:5; Deetz 1967:4; Dymond 1974:75-85; Deetz 1977:35; Boeyens 1998:5-6; Dancey 1981:4; Schiffer 1977:34; Cleland & Fitting 1978:243-244; Orser & Fagan 1995:8; Van Vollenhoven 1995a:18-22; Malan 1986:91-92).

In hierdie geval word metodologie belangriker geag as chronologie, aangesien dit nie soseer oor die ouderdom van 'n terrein gaan nie, maar oor die gebruik van geskrewe dokumente en etnografiese inligting. Hierdie dokumente kan op enigiets geskryf wees - papier, klei, klip, sement of wat ookal - die argeoloog moet dit net kan benut. Ook in hierdie geval word onder andere klassieke argeologie en egiptologie by die definisie ingesluit (Orser & Fagan 1995:8-9; Orser 1996:25).

Twee verdere aspekte verdien vermelding. Die eerste is die verwysing na die gelyke aanwending van argeologiese en historiese data (dit is duidelik dat sommige skrywers soos South (1997b) die etnografiese data as deel van die historiese data beskou). Geen navorsingsprojek waarin hierdie twee

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

databasisse gelyk aangewend is, kom in die gedagtes op nie. Hierdie is gewis 'n naïewe siening. Dit gaan veel eerder by historiese argeologie oor die volledige kombinering van alle argeologiese en historiese data waaroor die navorser beskik, selfs al sou daar veel meer van een hiervan as van die ander beskikbaar wees. Die verifiëring van die een stel data aan die hand van die ander is ook van belang, hoewel dit nie die belangrikste doelwit van historiese argeologie is nie (Boeyens 1998:15-18; Barber 1994:6; Beaudry 1998:1; Vos 1993:17; Langhorne & Babits 1988:132).

Die tweede aspek raak South se verwysing na etnografiese data. Die etnografiese data word dus ingesluit as deel van die databasis van historiese argeologie. Voorstanders van die begrip protohistoriese argeologie (vergelyk Van Vollenhoven 1999:173) sal redeneer dat hier na etniese geskiedenis verwys word en dat dit op die terrein van etno-argeologie lê. Laasgenoemde kan omskryf word as die bestudering van die verlede deur gebruik te maak van nie-Westerse, inheemse historiese rekords, veral mondelinge oorleweringe (Renfrew & Bahn 1991:166; Orser & Fagan 1995:9; Orser 1996:25; Rahtz 1985:87; Boeyens 1998:5-6). Boeyens (1998:7) stel dit duidelik dat mondelinge oorleweringe belangrik in die wisselwerking tussen dokumentêre, argeologiese en mondelinge getuienis is.

Die insluiting van hierdie mondelinge getuienis[4] beteken dat hierdie skrywers net twee onderafdelings in die argeologie aandui, naamlik prehistoriese en historiese argeologie (Orser & Fagan 1995:8). Net soos met die eerste definisie beteken dit dat protohistoriese argeologie iewers anders ingedeel moet word. Dit word op die basis gedoen dat die bestaan van skrif (geletterdheid) en dus die bestaan van geskrewe dokumente, die enigste onderskeid is. Derhalwe val protohistoriese argeologie onder historiese argeologie. Hoewel 'n skrywer soos Goodyear (1977:203-236) byvoorbeeld van die protohistoriese of kontakfase praat, word dit tog onder historiese argeologie

[4]Die term mondelinge getuienis word bo mondelinge oorlewering of mondelinge geskiedenis verkies, omdat dit hier oor meer as net oorgelewerde tradisies en geskiedenis gaan, maar ook oor herinneringe uit die informant se leeftyd.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ingedeel, veral ten opsigte van ongeletterde gemeenskappe.

Die belangrikste aspek wat uit hierdie tweede definisie te voorskyn kom is dat daar 'n ander databasis is wat met die argeologiese databasis gekombineer word. Metodologiese oorwegings dra dus in hierdie geval groter gewig as chronologiese oorwegings. Hierdie databasis is eerstens die geskrewe bronne en tweedens die mondelinge getuienisse van gemeenskappe. Historiese argeologie is dus multidissiplinêr. Hieruit is dit duidelik dat die definisie die metodiek van die vakgebied beïnvloed.

### 4.2.3 'n Studie van die moderne wêreld

Hierdie definisie fokus op metodologie en chronologie, maar ook op 'n spesifieke historiese onderwerp (Orser & Fagan 1995:11). Die definisie is hoofsaaklik afkomstig van Deetz (1977:5; 1991:1). Hy het historiese argeologie gedefinieer as die argeologie van die verspreiding van Europese kultuur regoor die wêreld sedert die vyftiende eeu en die impak daarvan op inheemse mense. Dit stem ooreen met die definiëring van die term "historic sites archaeology"[5] deur Harrington in 1952 en Fontana in 1965. Historiese argeologie en "historic sites archaeology" word derhalwe as sinonieme beskou (Leone e.a. 1995:110; Orser 1996:26). Barber (1994:1) ondersteun ook hierdie standpunt, verwysende na die Britse term "post-medieval archaeology".

Hierdie siening verskil in sekere opsigte radikaal van die vorige twee. Hier gaan historiese argeologie oor die bestudering van die verspreiding van Europese idees en die mense wat deel daarvan was, regoor die wêreld. Daar is dus sprake van 'n kultuureie interpretasie binne die konteks van die Westerse kultuur (Orser & Fagan 1995:11). Dederen ondersteun hierdie gedagte, wanneer hy sê dat historiese argeologie oor die argeologie van die resente verlede gaan. Hieronder tel onder

[5] Schuyler stel dit onomwonde dat "historic sites archaeology" bloot 'n onderafdeling van historiese argeologie is (vergelyk Schuyler 1970:85-88).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

andere koloniale, Christelike, Westerse en industriële argeologie (Dederen 1989:154). Gebiede soos klassieke argeologie word gevolglik uitgesluit. Daarom staan dit in skrille kontras met die voorafgaande twee definisies. Dit sluit egter ook etno-argeologie in, en sal dus nie aanklank vind by ondersteuners van die term protohistoriese argeologie nie.

Dit is belangrik om daarop te let dat hierdie definisie weer eens die kwessie van geletterdheid (skrif) aanspreek. Ander belangrike aspekte wat in hierdie definisie na vore kom is eerstens die gedagte van 'n spesifieke tydperk, naamlik sedert die vyftiende eeu, en tweedens die verspreiding van die Europese kultuur. Hierdie idee, wat ook die moderne wêreld genoem word, sluit die volgende in: grootskaalse verstedeliking, komplekse industriële produksie, handel en kapitalisme, wydverspreide geletterdheid, langafstandreise en kontak tussen groot getalle mense van uiteenlopende kulture (Orser & Fagan 1995:11). Hierdie kenmerke kom egter tot 'n mindere of meerdere mate ook by die kulture van die klassieke tydperk voor (Renfrew & Bahn 1991:154-157; Orser & Fagan 1995:11). Dit behoort dus nie van sodanige definisie uitgesluit te word nie.

In aansluiting hierby word die klem op die globalisering van historiese argeologie geplaas (Orser 1996:27). Historiese argeologie het dan net te make met geletterde gemeenskappe van "moderne tye", 'n verskynsel wat regoor die wêreld aangetref word en wat deur kolonialisme, Eurosentrisme, kapitalisme en moderniteit gekenmerk word. Orser (1996:39) stel dit duidelik dat die historiese argeoloog om hierdie rede globaal moet dink. In 'n sekere sin was hierdie ook kenmerke van die klassieke en antieke beskawings. Die Romeine het byvoorbeeld ander gebiede gekoloniseer en van daardie mense Romeine probeer maak (wat aan Eurosentrisme gelyk gestel kan word). Die uitdra en uitbou van die Romeinse ekonomie en kultuur kan weer aan die hedendaagse kapitalisme en moderniteit gelyk gestel word. Daar sou selfs na die globalisering in hierdie tye verwys kon word, al was die bekende wêreld, met kulture wat sekere eienskappe deel, soveel kleiner as wat dit vandag is. Daar is gevolglik geen rede waarom die antieke en klassieke beskawings van 'n definisie oor

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

historiese argeologie uitgesluit moet word nie.

Die gedagte van kontak tussen mense van uiteenlopende kulture, word verder in Deetz se definisie vergestalt. Hy praat van die impak op inheemse mense. Dit is duidelik dat Deetz se definisie kennelik slegs op 'n onderafdeling van historiese argeologie, naamlik Westerse of koloniale argeologie, van toepassing is. Die term koloniale argeologie het gewis beperkinge (Schuyler 1970:84). In die VSA en Suid-Afrika is dit waarskynlik 'n volledige definisie van historiese argeologie, maar gesien in wêreldkonteks is dit onvoldoende.

4.2.4 Die permanensie van skrif

Volgens hierdie definisie besit die bestudeerde kultuur die permanente eienskap van skrif. Van Vollenhoven (1999:176) definieer historiese argeologie as "...die bestudering van argeologiese data en alle vorme van historiese data, uit die periode van die geskiedenis waartydens gemeenskappe oor die permanente vermoë van skrif (geletterdheid) beskik het." Gevolglik het hierdie definisie ook 'n metodologiese dimensie.

Dit beteken dat die vakdisspline argeologie in drie onderafdelings verdeel word, naamlik prehistoriese, protohistoriese en historiese argeologie (Dederen 1989:154; Van Vollenhoven 1995a:18; Dymond 1974:10). Hierdie onderskeid word op twee gronde gemaak. Die eerste hiervan het te doen met die mate waartoe daar van die tradisionele argeologiese bronne gebruik gemaak word. Die tweede hou verband met die beskikbaarheid van historiese bronne.

Deetz (1967:11) noem eersgenoemde die primêre bronne van die argeoloog. Dit is die argeologiese oorblyfsels wat op argeologiese terreine gevind word. Hy noem laasgenoemde die sekondêre bronne

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

van die argeoloog. Dit sluit alle historiografiese bronne in en sluit dus mondelinge bronne uit. Hierdie bronne word dan as aanvullend tot die argeologiese rekord benut (Deetz 1977:6-8).

Net soos by die vorige definisies word prehistoriese argeologie beskou as die tydperk voor die verskyning van skrif (geletterdheid)[6], (Orser 1996:23; Deetz 1977:5; Dymond 1974:11; Fagan 1991:23). In hierdie geval bestaan daar geen geskrewe bronne wat deur die argeoloog benut kan word nie. Gevolglik is die argeoloog aangewese op die materiële kultuuroorblyfsels, dit wil sê die primêre bronne, wat op 'n terrein opgegrawe kan word (Noël-Hume 1975:13).

Hierdie skrywers definieer dan protohistoriese argeologie as die fase waar daar beperkte geskrewe bronne beskikbaar is, wat saam met die primêre bronne gebruik kan word (Hodder 1991:10; Van Vollenhoven 1995a:18). Dit verwys na die periode na die verskyning van skrif (geletterdheid), maar waar dit nog nie 'n eienskap van die bestudeerde kultuur is nie.

Voorbeelde hiervan is dan reisbeskrywings deur 'n persoon wat as buitestander 'n groep mense met wie kontak gemaak is, beskryf. Die beskrywing deur WC Harris van sy ontmoetings met onder andere Mzilikazi (Boeyens 1998:15; Carruthers 1990:247-248), kan as voorbeeld dien. Hierdie historiese bron kan deur die argeoloog benut word wanneer navorsing oor die skriflose groep van Mzilikazi gedoen word. Kontak tussen 'n prehistoriese gemeenskap en 'n persoon of groep wat reeds in die historiese tydperk verkeer, is dus 'n voorvereiste.

[6]Daar word aanvaar dat die eienskap van skrif op geletterdheid dui. Enige vorm van skrif, hetsy hiërogliewe, piktogramme of 'n formele alfabet, word hierby ingesluit. Geletterdheid dui voorts ook op die insluiting van 'n kultuur wat oor die vermoë van 'n simboliese stelsel soos wiskunde beskik het (vergelyk Renfrew & Bahn 1991:347-350).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Gowlett (1984:186) stel dit soos volg:

> The term 'proto-historic' is sometimes used to refer to societies contemporary with, and mentioned in, historical records but not possessing them.

Dit beteken dat historiese argeologie te make het met die jongste fase van die mens se geskiedenis waaroor daar 'n groot hoeveelheid historiese bronne bestaan (Deetz 1977:7; Barber 1994:1; Schrire 1992:361; Dymond 1974:10-11; Van Vollenhoven 1995a:18; Fagan 1991:24-25). Hierdie bronne is deur die bestudeerde groep self daargestel (Deetz 1967:3-4; Deetz 1977:5; Orser 1996:23; Barber 1994:1; Dymond 1974:10-11; Hodder 1991:10) en word saam met die tradisionele argeologiese bronne benut (Van Vollenhoven 1995a:18). Dit blyk dus dat die permanensie van skrif (geletterdheid) en die daarmee gepaardgaande beskikbaarheid van historiese bronne, in hierdie geval die bepalende faktor in die onderverdeling van die vakdissipline argeologie is.

Hierdie skrywers beskou gevolglik mondelinge getuienis wat uit die tydperk voor die permanensie van skrif dateer, nie as deel van die databasis van historiese argeologie nie. Wanneer hierdie inligting wel geskryf is (etnografie), is dit bloot die mondelinge oorleweringe, wat deur 'n buitestander neergeskryf is (Rahtz 1985:86; Orser & Fagan 1995:9; Fagan 1991:26). Gevolglik maak dit ook nie deel uit van die databasis van historiese argeologie nie. In hierdie geval het die definisie 'n kulturele implikasie, omdat dit oor die persepsies van sodanige buitestander oor die bestudeerde groep gaan. Hierdie siening kan as Eurosentries beskou word en stem ooreen met Deetz se gedagte dat historiese argeologie die kulturele oorblyfsels van geletterde gemeenskappe, wat daartoe in staat was om hulle eie geskiedenis te boekstaaf, bestudeer (Deetz 1977:5).

Dieselfde tipe mondelinge getuienis uit die tydperk na die permanensie van skrif (Yentsch 1988:5), word egter wel as deel van die databasis van historiese argeologie beskou. Die verskil in hierdie

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

geval is dat 'n persoon hierdie getuienis self kan neerskryf, omdat die vermoë van skrif bestaan en omdat die inligting betrekking het op 'n tydperk na hierdie vermoë by daardie groep ontstaan het. By etnografie kan die informant of nie self die getuienis neerskryf nie of die inligting het betrekking op 'n tydperk voor die vermoë van skrif by daardie groep bestaan het (vergelyk Bragdon 1988:126; Van Vollenhoven 1999:173).

Dit klink egter baie onlogies dat inligting bloot aanvaar of verwerp word op grond van die permanensie van 'n eienskap (skrif) wat geen waarborg vir die outentiekheid daarvan verskaf nie. Die veronderstelling dat hierdie geskrewe rekords (en by implikasie ook die mondelinge getuienisse) meer betroubaar as dié van buitestaanders (en die mondelinge getuienis van ongeletterde groepe) is, hou dus nie stand nie. Omdat die doel van interne kritiek juis is om enige historiese rekord, ook mondelinge getuienisse, se geloofwaardigheid vas te stel, kan hierdie getuienisse en dokumente as gelykwaardig aanvaar word. Die onderskeid tussen proto- en historiese argeologie is dus arbitrêr en eersgenoemde term dui op niks meer as 'n oorgang tussen prehistoriese en historiese argeologie nie.

## 4.3 'n Historiese perspektief

Aangesien argeologie 'n historiese vakdissipline is, is dit nodig dat 'n perspektief vanuit die geskiedenis ook op hierdie probleem gewerp word. Boonop is dit juis die tradisionele databasis van geskiedenis (naamlik geskrewe dokumente), wat die kern van die probleem rondom die definiëring van historiese argeologie raak.

Marwick (1989:6) defininieer geskiedenis op vyf verskillende wyses. Eerstens is dit wat werklik gebeur het. Hierdie definisie werp egter nie lig op die databasis van geskiedenis nie. Hy definieer dit ook as die aktiwiteit van navraag doen oor die verlede, gebaseer op die bestudering van bronne. Wat onder bronne bedoel word, word egter nie vermeld nie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Derdens word geskiedenis as die interpretasie(s) wat deur die genoemde aktiwiteite daargestel word gedefinieer. Weer eens word daar nie spesifiek na die bronne verwys nie. Geskiedenis word ook gedefinieer as die opgehoopte kennis van die verlede. Hierdie kennis is op die interpretasies van feilbare historici gegrond, wat van fragmentariese en onvolmaakte bronne gebruik maak. Ook in hierdie geval word nie verduidelik wat onder bronne verstaan word nie.

Laastens definieer Marwick geskiedenis as daardie aspekte van die verlede wat deur middel van historiese navraag daargestel is, sowel as die opgehoopte kennis, dit wat bekend en gedokumenteer is en die werklikheid waarna dit verwys. Ook in hierdie geval word die bronnemateriaal nie spesifiek omskryf nie.

Shafer (1980:2) gee drie definisies vir geskiedenis. Net soos Marwick beskryf hy geskiedenis as dit wat werklik gebeur het. Tweedens noem hy dit 'n rekord van gebeure. Laastens word dit as 'n studiegebied beskryf, waardeur historici bewyse van gebeure in die verlede evalueer om 'n betekenisvolle bespreking daar te stel. Ook in hierdie geval word die bronne nie omskryf nie.

Die rede hiervoor is eenvoudig. Alle historiese bronne word as die databasis van die vak geskiedenis beskou. Shafer (1980:79-93) gee byvoorbeeld 'n lys van historiese bronne, naamlik dokumente (dit is geskrewe rekords), fisiese oorblyfsels (dit is die tradisionele argeologiese bronne) en mondelinge bronne. Ook Tosh (1994:206) beskou laasgenoemde as 'n historiese bron wat deur historici benut word. Hoewel historici eers onlangs van mondelinge bronne begin gebruik maak het, is dit vandag algemeen in gebruik onder historici (Tosh 1994:207). Deur mondelinge getuienisse te benut, kan die inligting wat uit historiese dokumente saamgestel is, aangevul en reggestel word (Tosh 1994:210), veral ten opsigte van ongeletterde gemeenskappe.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Verskeie argeoloë maak van mondelinge getuienisse tydens hulle navorsing gebruik en noem dit histories-argeologiese navorsing. In al hierdie gevalle is daar egter ook geskrewe historiese bronne wat benut word (vergelyk byvoorbeeld Schmidt 1990:252; Boeyens 1998:5-8; 244-246). In die lig hiervan kan daar opnuut gepoog word om ‘n definisie vir historiese argeologie daar te stel.

### 4.4 'n Nuwe definisie

Uit die voorafgaande definisies is die volgende aspekte van belang. Die eerste gedagtes wat verwerp word is dat etnografiese data wat op skriflose kulture van toepassing is, nie in histories-argeologiese studies gebruik kan word nie. Ander gedagtes wat verwerp word is die vaste aanvangstyd, naamlik die vyftiende eeu, die gedagte dat dit net oor die Europese kultuur gaan en gevolglik slegs oor Europese invloed op inheemse mense en die gedagte dat dit oor die gelyke aanwending van die onderskeie databasisse gaan.

Gedagtes wat aanvaar word, is dat dit oor die historiese periode, dit wil sê die tydperk na die onstaan van skrif (geletterdheid) gaan en dat dit 'n interdissiplinêre studieveld is, dit wil sê argeologiese en historiese data kan gekombineer word. Hierdie aspekte is in al die bogenoemde definisies vergestalt. Voorts word aanvaar dat die mondelinge getuienisse van gemeenskappe ook benut kan word en as deel van die historiese data gereken moet word.

Twee omvattende definisies van historiese argeologie spreek sommige van hierdie aspekte aan. Die eerste hiervan is soos volg:

> Historiese argeologie is die argeologie waar daar nie net van die kulturele oorblyfsels op 'n argeologiese terrein gebruik gemaak word nie, maar waar daar ook historiese bronne bestaan wat gebruik kan word in die interpretasie en rekonstruksie daarvan (Van Vollenhoven 1995a:18).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die tweede definisie lui soos volg:

> Historical archaeology is a multidisciplinary field that shares a special relationship with the formal disciplines of anthropology and history, focuses its attention on the postprehistoric past, and seeks to understand the global nature of modern life (Orser & Fagan 1995:14).

Beide hierdie definisies spreek gedeeltes van die bogenoemde belangrike aspekte aan, maar nie een is volledig nie. Die eerste definisie plaas klem op die kombinasie van argeologiese en historiese bronne (die interdissiplinêre studieveld) en spreek dus die tydperk na die verskyning van skrif aan (die historiese periode). Hierdie definisie stel dit duidelik dat historiese bronne gebruik kan word, maar meld nie of dit slegs na skriftelike bronne verwys nie. Geen gedagtes wat verwerp word, word in hierdie definisie aangetref nie. Gevolglik is die definisie bloot onvolledig.

In die tweede definisie word die klem andermaal op die interdissiplinêre aard van historiese argeologie geplaas. Verder handel dit oor die post-prehistoriese (dit wil sê historiese) periode. Die verwysing na die vakdissipline antropologie beteken dat etnografiese data van skriflose (ongeletterde) kulture ingesluit word. Orser en Fagan sluit hierdie aspek dus pertinent by hulle definisie in. 'n Enkele gedagte in hierdie definisie word egter verwerp. Dit is naamlik die verwysing na die moderne lewe. Die afleiding wat gemaak word is dat die definisie bloot 'n onderafdeling van historiese argeologie, naamlik die sogenaamde koloniale argeologie aanspreek. Hoewel hierdie 'n aanvaarbare definisie in die sogenaamde koloniale wêreld (waaronder Suid-Afrika tel) kan wees, sluit dit onder andere klassieke argeologie uit. Hierdie gedagte is reeds vroeër verwerp.

'n Definisie wat alle aspekte van historiese argeologie (soos bespreek) behandel, moet dus geformuleer word. Dit wil voorkom asof Van Vollenhoven se definisie van 1995 die mees aanvaarbare is. Gevolglik moet dit bloot aangepas word, deur in te sluit wat nagelaat is. 'n Nuwe omvattende definisie vir historiese argeologie word soos volg geformuleer:

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

> Historiese argeologie is een van die onderafdelings van die vakgebied argeologie en verwys na die interdissiplinêre benadering waarvolgens die kultuur van die mens uit die historiese periode, dit wil sê die na verskyning van skrif (geletterdheid), nagevors word, deur gebruik te maak van argeologiese en historiese data, waarby die mondelinge getuienis van gemeenskappe ingesluit word.

Meer vereenvoudigd kan dit soos volg gedefinieer word:

> Historiese argeologie verwys na die bestudering van argeologiese data en alle vorme van historiese data, uit die periode van die menslike geskiedenis na die verskyning van skrif (geletterdheid).

Dit is interessant dat hierdie definisie eintlik niks anders beteken as die definisies wat onder afdeling 4.2.1, die periode-konsep, gestel is nie. Gevolglik is historiese argeologie post-prehistories. Die nuwe definisie gee bloot 'n duideliker omskrywing van wat daarmee bedoel word.

Die definisie beteken dat ook historiese argeologie in 'n aantal onderafdelings ingedeel kan word. Hieronder tel onder andere klassieke (3000v.C.-500n.C.), Middeleeuse (400-1400n.C.), post-Middeleeuse (1450-1750n.C.), historiese terreine (sedert 1415n.C.) en industriële argeologie (sedert 1750n.C.) (Orser 1996:24).

## 4.5 Samevatting: die databasis van historiese argeologie

Eerstens moet die onderskeid tussen die twee onderafdelings van die vakgebied argeologie weer eens kortliks duidelik gestel word. Prehistoriese argeologie verwys na die periode voor die verskyning van skrif. Historiese argeologie dui op die periode na die verskyning van skrif. Hierdie kan as 'n

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

vereenvoudigde definisie van historiese argeologie beskou word.

Laastens kan die data, wat deur die historiese argeoloog benut word, hiervolgens verdeel word in argeologiese en historiese bronne (konteks). Dit kan soos volg voorgestel word:

KERN-DATABASIS VAN HISTORIESE ARGEOLOGIE

Argeologiese konteks

Materiële reste in die aardoppervlakte:

- Artefakte
- Ekofakte
- Verskynsels

Historiese konteks

Dokumente:

- Gepubliseerde werke
- Ongepubliseerde werke
- Manuskripte
- Briewe
- Amptelike dokumente
- Private dokumente
- Dagboeke
- Reisbeskrywings
- Herinneringsgeskrifte
- Geskrifte wat opgegrawe is (paleo-historiografie)
- Opskrifte
- Inskripsies

Pikturaal:

- Foto's
- Skilderye/prente
- Sketse/tekeninge
- Planne
- Kaarte
- Films

Mondelinge getuienis (uit die periode na die verskyning van skrif ):

- Mondelinge oorleweringe
- Informante
- Mondelinge herinnerings
- Opgetekende herinnerings

Analogie:

- Argeologiese verskynsels met mekaar
- Argeologiese verskynsels met tydgenootlike strukture
- Argeologiese verskynsels met soortgelyke pikturale bronne
- Argeologiese verskynsels met beskrywings in dokumente

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Hieruit blyk dit dat die wetenskaplike paradigma waarbinne histories-argeologiese navorsing aangepak word, die volgende doelwitte ten opsigte van historiese argeologie sal moet aanspreek.

a. Die totale historiese en argeologiese konteks moet sover moontlik bestudeer en gedokumenteer kan word.
b. Die historiese en argeologiese konteks moet op 'n geïntegreerde wyse geëvalueer en geïnterpreteer kan word.
c. Die terrein moet in sy historiese konteks begryp, bewaar en beskerm word. Hierdeur sal dit ware betekenis kry.
d. Die belang van die terrein vir die hedendaagse samelewing moet begryp en geïnterpreteer word.
e. Die waarde van die terrein ten opsigte van die behoeftes van navorsing en die gemeenskap moet vasgestel kan word.
f. Daar moet bepaal kan word wat die benuttings-, bemarkings- en kommunikatiewe waarde van die terrein is (Van Vollenhoven 2000:155).

## 5. DIE STAND VAN HISTORIESE ARGEOLOGIE IN SUID-AFRIKA

Historiese argeologie in Suid-Afrika is 'n relatief jong sub-dissipline of spesialiteit van die vakgebied argeologie (Hall & Markell 1993:4; sien ook punt 4.1.3). Gevolglik dra dit onmiskenbaar 'n moderne, twintigste-eeuse stempel. Hieronder tel temas soos alledaagse materiële kultuur en die lewens van gewone mense. Nietemin word dit steeds deur verskeie benaderings gekenmerk (Hall & Markell 1993:4). Ten einde meer hieroor te wete te kom, is dit nodig dat daar kortliks na die nuutste vakwetenskaplike tydskrifte in hierdie verband gekyk word. Die studie word tot vaktydskrifte beperk aangesien gepubliseerde inligting meer as enigiets anders as die finale produk van navorsing beskou word. Daarna sal aandag aan die teoretiese benaderings van die artikels hierin gegee word en sal enkele voorbeelde kortliks bespreek word ten einde 'n direkte verband tussen erfenishulpbronbestuur en historiese argeologie te trek.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## 5.1 Vaktydskrifte: histories-argeologiese temas

Daar bestaan tans twee vaktydskrifte vir argeologie in Suid-Afrika, naamlik die **South African Archaeological Bulletin** en **Southern African Field Archaeology**. Die hoeveelheid artikels met 'n histories-argeologiese strekking, wat gedurende die afgelope aantal jare daarin verskyn het, toon duidelik dat dit 'n gevestigde onderafdeling van die vak argeologie in Suid-Afrika is, maar dat daar steeds veel meer navorsing oor prehistoriese temas gedoen word (tabel 3.2).

Uit die tabel is dit duidelik dat artikels met 'n histories-argeologiese strekking (dit is artikels wat voldoen aan die definisie van historiese argeologie, soos uiteengesit onder punt 4.4 in hierdie hoofstuk) minder as 'n vyfde (15,3%) van die totaal uitmaak. Die spesifieke onderafdeling van historiese argeologie, waarmee hierdie studie gemoeid is, naamlik koloniale of Westerse argeologie, maak slegs 10,6% van die totaal uit. Hoewel prehistoriese terreine meer algemeen voorkom en meer argeoloë hulle gevolglik hiermee besig hou, is dit duidelik dat historiese argeologie tans maar 'n klein deeltjie van argeologiese navorsing in Suid-Afrika behels en gewis onderverteenwoordig is.

Dit moet egter bygevoeg word dat historiese argeoloë ook geredelik in ander vaktydskrifte publiseer. So het daar byvoorbeeld oor die afgelope tien jaar (1990-1999) vyf histories-argeologiese artikels in die **Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis** en oor 'n vyfjaarperiode (1994-1998) vyf artikels met 'n histories-argeologiese strekking in **Navorsing deur die Nasionale Kultuurhistoriese Museum** en twee artikels in die **Annale van die Suid-Afrikaanse Kultuurhistoriese Museum** verskyn. Dit moet ook gemeld word dat die Suid-Afrikaanse Argeologiese Vereniging in 1993 'n spesifieke uitgawe van sy Goodwinreeks aan historiese argeologie in die Wes-Kaap gewy het. Hierin is nege artikels opgeneem. Dit is nietemin verontrustend dat daar in verskeie uitgawes van die argeologietydskrifte, geen artikel met 'n histories-argeologiese strekking gepubliseer is nie (vergelyk tabel 3.2). Sedert 1996 het daar slegs twee histories-argeologiese artikels in enige van die twee

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**TABEL 3.2 DIE HOEVEELHEID HISTORIES-ARGEOLOGIESE ARTIKELS IN SUID-AFRIKAANSE VAKTYDSKRIFTE VIR ARGEOLOGIE**

| DATUM | Tydskrif | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | SA Archaeological Bulletin | | | SA Field Archaeology | | |
| | Prehistories | Histories | | Prehistories | Histories | |
| | | nie-Koloniaal-Westers | Koloniaal-Westers | | nie-Koloniaal-Westers | Koloniaal-Westers |
| 1992 | nie in aanmerking geneem nie | | | 11 | 1 | 2 |
| 1993 | 14 | 1 | 2 | 9 | 1 | 3 |
| 1994 | 7 | 1 | 1 | 8 | 1 | 4 |
| 1995 | 15 | 0 | 0 | 6 | 2 | 4 |
| 1996 | 9 | 0 | 0 | 11 | 0 | 0 |
| 1997 | 10 | 0 | 1 | 9 | 0 | 1 |
| 1998 | 11 | 0 | 0 | 9 | 1 | 0 |
| 1999 | 14 | 0 | 0 | Nog nie gepubliseer nie | | |
| **Totaal:** | **80** | **2** | **4** | **64** | **6** | **14** |

Totale bymekaar getel: Groottotaal: 170 (100%) Prehistories: 144 (84,7%) Histories: 26 (15,3%)
(nie-koloniaal-Westers: 8 (4,7%); Koloniaal-Westers: 18 (10,6%))

Die jaar 1992 word as begindatum gebruik omdat die SA Field Archaeology se eerste uitgawe in hierdie jaar verskyn het. Omdat die 1999 uitgawe van hierdie tydskrif nog nie verskyn het nie, word die 1992 uitgawes van die SA Archaeological Bulletin nie in aanmerking geneem nie, sodat die afgelope 7 jaargange van beide tydskrifte benut word.

vername vaktydskrifte verskyn. Hierdie situasie kan net reggestel word deur die wetenskaplikes wat aktief binne die historiese argeologie werksaam is.

## 5.2 Teoretiese benaderings in historiese argeologie

Tabel 3.3 gee 'n aanduiding van die teoretiese benadering in wetenskaplike artikels wat gedurende die negentigerjare in Suid-Afrika verskyn het. Hoewel die tabel allermins op volledigheid kan aanspraak maak, is dit 'n goeie aanduiding van die huidige stand hiervan.

Dit is belangrik om daarop te let dat die getalle nie klop met dié in tabel 3.2 nie. So byvoorbeeld dui laasgenoemde aan dat daar ses artikels met 'n histories-argeologiese strekking in die **South African Archaeological Bulletin** verskyn het, terwyl eersgenoemde agt aandui. Die rede hiervoor is dat sommige artikels binne 'n sekere teoretiese benadering geskryf is, maar dat dit met die oog op erfenishulpbronbestuur gedoen is. Gevolglik is sodanige artikel twee keer getel.

Uit die tabel kan die volgende afleidings gemaak word. Verouderde paradigmas, naamlik die Kultuurhistoriese (een keer) en Kultuurproses-paradigma (vier keer), is slegs tot 'n geringe mate benut. Die Strukturalistiese paradigma is net drie keer benut. Die rede hiervoor is waarskynlik die gebrek aan argeologiese verifiëring van die teoretiese konstruksies wat hierdie paradigma bied (sien punt 6.7).

Dit vorm egter saam met die Kontekstuele en Neo-Marxistiese paradigma deel van teoretiese ontwikkelinge sedert die tagtigerjare, wat as Post-prosessuele argeologie bekend staan. Gesamentlik het hierdie paradigmas die grootste aandeel in histories-argeologiese navorsing in Suid-Afrika.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## TABEL 3.3 TEORETIESE BENADERINGS IN HISTORIES-ARGEOLOGIESE ARTIKELS IN SUID-AFRIKAANSE VAKTYDSKRIFTE

| | | Paradigma | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Kultuurhistories | Kultuurproses | Strukturalisties | Kontekstueel | Neo-Marxisties | Onduidelik | Erfenishulpbronbestuur |
| Tydskrif | SAAB | - | - | 1 | - | 4 | 1 | 2 |
| | SAFA | 1 | 3 | - | 3 | 5 | 7 | 6 |
| | GR7 | - | 1 | 2 | - | 4 | 2 | 3 |
| | SATK | - | - | - | 2 | - | - | 4 |
| | NNKHM | - | - | - | 2 | 1 | 1 | 4 |
| | ASAKM | - | - | - | - | 1 | 1 | 2 |
| | TGW | - | - | - | - | - | 1 | - |
| | K | - | - | - | 1 | - | - | 1 |
| | **Totaal** | **1** | **4** | **3** | **8** | **15** | **13** | **22** |

SAAB = South African Archaeological Bulletin
SAFA = Southern African Field Archaeology
GR7 = South African Archaeological Society Goodwin series no 7
SATK = Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis
NNKHM = Navorsing deur die Nasionale Kultuurhistoriese Museum
ASAKM = Annale van die Suid-Afrikaanse Kultuurhistoriese Museum
TGW = Tydskrif vir Geesteswetenskappe
K = Koedoe

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die hoeveelheid keer wat die Kontekstuele paradigma benut is (agt keer), is effens laer as die gemiddeld. Die rede hiervoor is waarskynlik omdat dit 'n uiters resente ontwikkeling in die argeologie is en nog nie wêreldwyd inslag gevind het nie (Hall 1990:76; vergelyk ook punt 6.8).

Die Neo-Marxistiese paradigma is meer keer as enige van die ander konvensionele paradigmas (vyftien keer) benut. Verskeie redes kan hiervoor aangevoer word. Eerstens is dit die paradigma wat deur die Historical Archaeological Research Group aan die Universiteit van Kaapstad aangehang word. Omdat hierdie eenheid die mees aktiewe produseerder van historiese argeologie in die land is, verklaar dit hierdie dominansie. Verder bied hierdie paradigma die moontlikheid om spesifiek die argeologie van die laer klasse ("underclass") te bestudeer (Hall & Markell 1993:4). Omdat hierdie klasse gewoonlik swakker in die dokumentasie van die tyd gereflekteer word, bied die argeologiese rekord dikwels die enigste bewyse van hierdie mense (Deetz 1977:143). Gevolglik is die die Neo-Marxistiese paradigma 'n logiese benadering ten opsigte van hierdie groepe.

Die getal artikels waarvan die teoretiese benadering onduidelik is, naamlik dertien, is opvallend hoog. Die rede hiervoor kan in die onderwerpe hiervan gevind word. Hierdie artikels is hoofsaaklik ingestel op metodologie of een of ander natuurwetenskaplike tema. Artikels wat op metodologie fokus, behels byvoorbeeld opgrawings- en opmetingstegnieke en erfenishulpbronbestuur, terwyl natuurwetenskaplike temas op die analise van menslike skeletmateriaal en dierlike beenmateriaal of argeometallurgiese studies van artefakte uit histories-argeologiese terreine fokus.

Die oplewing in die bestuur van die kultuurerfenis sedert die vroeë negentigerjare, dien as verklaring vir die hoë getal (twee-en-twintig ) wat deur Erfenishulpbronbestuur behaal is. Daar moet onthou word dat dit sommige van die paradigmas dupliseer en dat die meeste van die artikels in die onduidelike kategorie (dertien) ook onder Erfenishulpbronbestuur ingedeel is.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die afleiding wat hieruit gemaak kan word, is dat navorsing vir die doeleindes van erfenishulpbronbestuur ingestel is op die oplos van 'n praktiese probleem en gevolglik dikwels 'n teoretiese benadering uitsluit. Dit beteken natuurlik nie dat 'n teoretiese benadering nie voorkom nie. Omdat argeoloë gewoonlik onbewustelik 'n spesifieke teoretiese benadering volg, sal dit waarskynlik tog teenwoordig wees. Nietemin beteken dit ook dat die praktiese en effektiewe bestuur van die kultuurerfenis nie noodwendig van teoretiese benaderings afhanklik is nie. Dit is egter niks anders as die Kontekstuele paradigma, met sy aandrang op die benutting van die totale konteks nie.

Enkele opmerkings in verband met die benutting van die genoemde erfenis is egter nodig. Die Kultuurhistoriese en Neo-Marxistiese paradigma is in die verlede dikwels benut om die een of ander politieke doelwit te ondersteun. In Afrika is die Kultuurhistoriese paradigma byvoorbeeld benut om kolonialisme te bevorder, terwyl die Neo-Marxisme benut is om Afrikanasionalisme te bevorder (vergelyk byvoorbeeld Holl 1990:296-301, 307; Hall 1990:61-63, 66). In aansluiting hierby wys Tosh (1994: 3-6) daarop dat die geskiedenis benut kan word om gesag te ondersteun of te ondermyn. Dit is ook in Suider-Afrika die geval (Deacon 1990:40; Hall 1990:61, 66, 75-77; Maggs 1993:72). Die liberale en radikale denkskole in die geskiedenis word ook hier dikwels vanuit 'n Neo-Marxistiese benadering gebruik om aanvalle op die diffusionistiese blanksentriese geskiedenis te loods (Maggs 1993:73-75).

Hall (1990:76) stel dit byvoorbeeld duidelik dat sommige argeoloë hulle tot historiese argeologie gewend het om sodoende die oorsprong van onderdrukking vas te stel en om die blanke se verheerliking van die koloniale verlede uit te daag. Die probleem in beide gevalle is dat die paradigma dikwels ingespan kan word om 'n politieke eerder as 'n objektiewe doelwit te bereik. Dit lei tot die selektiewe benutting van bronne, veral historiese bronne, waarskynlik omdat die argeologiese konteks reeds die mees objektiewe bron is wat benut kan word (Deetz 1977:160-161). Gevolglik staan die vermoë van hierdie paradigmas om die waarheid weer te gee onder verdenking.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die probleem met die Kultuurproses-paradigma is dat dit enkele aspekte, veral die omgewing (Deacon 1990:54; Hall 1990:64, 71-72) isoleer en dus nie 'n volledige beeld van dit wat op 'n argeologiese terrein plaasgevind het weergee nie. Gevolglik word alle historiese bronne nie benut nie, wat beteken dat 'n objektiewe waarheidsgetroue weergawe in die gedrang kom.

Ook die Strukturalisme skep probleme. In hierdie geval gaan dit dikwels oor teoretiese konstruksies, wat nie argeologies geverifieer is of kan word nie (vergelyk byvoorbeeld Brink 1993:97). Baie klem word ook op die sosiale stelsel gelê (Deacon 1990:58; Hall 1990:72) terwyl ander aspekte afgeskeep word. Die gevolg hiervan is dat alle faktore wat 'n invloed op 'n terrein kan uitoefen en alle moontlike bronne nie benut word nie. Hierdeur word 'n vraagteken oor die objektiwiteit en waarheidsgetrouheid van sodanige navorsing geplaas.

Een van die belangrike take van geskiedenis is om mites aan die kaak te stel (Marwick 1989:18-20; Tosh 1994:20-22). Uit die voorafgaande is dit duidelik dat die genoemde paradigmas maklik die teenoorgestelde kan doen. Dit is dus nodig om 'n paradigma te gebruik wat toelaat dat daar so wyd as moontlik na 'n probleem gekyk word, ten einde onwaarhede en subjektiwiteit uit te skakel. Die Kontekstuele paradigma, wat ingestel is op die bestudering van die totale konteks van 'n argeologiese terrein (vergelyk Hodder 1995:143), bied hierdie oplossing. Tosh (1994:134-135) dui byvoorbeeld aan dat daar verskeie probleme rondom die benutting van historiese dokumente is en dat 'n historikus hom nie net daardeur kan laat lei nie. Dieselfde geld die materiële oorblyfsels. Gevolglik moet beide databasisse so volledig moontlik benut word en moet ook ander historiese bronne (byvoorbeeld mondelinge getuienis) ingespan word. Slegs die Kontekstuele paradigma bied hierdie benadering.

Punt 6 in hierdie hoofstuk sal duidelik aantoon dat die Kontekstuele paradigma die mees aanvaarbare paradigma vir navorsing in die argeologie (en derhalwe ook in die historiese argeologie) blyk te wees.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die leemtes in die ander paradigmas sal ook hier uitgewys word. In hoofstuk 10 sal daar voorts uitgewys word tot hoe 'n mate die Kontekstuele paradigma in hierdie studie toegepas is ten opsigte van die bereiking van die kriteria vir erfenishulpbronbestuur, terwyl die ander paradigmas nie hieraan voldoen het nie. Die verband tussen die Kontekstuele paradigma en erfenishulpbronbestuur sal ook aangetoon word.

**5.3 Voorbeelde van histories-argeologiese navorsing met die klem op erfenishulpbronbestuur**

Agt voorbeelde van histories-argeologiese navorsing uit die genoemde tydskrifte, waar die klem op erfenishulpbronbestuur val, word kortliks weergegee. Die voorbeelde het almal direk uit die een of ander erfenisbestuursbehoefte gespruit en is gevolglik direk van toepassing binne hierdie studie. Hoewel dit nie hier oor die teoretiese benaderings van die voorbeelde gaan nie, word opmerkings hieroor wel gemaak. Sodoende vind dit aansluiting by die teoretiese konseptualisering in hierdie studie. 'n Belangrike kenmerk van al agt voorbeelde is die versoening tussen erfenishulpbronbestuur en basiese navorsing, wat in al agt gevalle suksesvol deurgevoer is (vergelyk p. 52). Daar moet op gewys word dat die voorbeelde bloot as uitinge van histories-argeologiese erfenishulpbronbestuursprojekte geplaas word en dat daar nie gepoog word om 'n evaluering daarvan te doen nie.

5.3.1 <u>'n Maritieme argeologiese projek in Tabelbaai</u>

Hierdie projek is in opdrag van die eertydse Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede uitgevoer. Die teoretiese benadering wat gevolg is, is onduidelik. Die veldwerk het op die wrak van die Oosterland gekonsentreer. Omdat die projek uniek was binne die Suid-Afrikaanse konteks, het die klem van die navorsing op die tegniese aspekte van die veldwerk vir maritieme argeologiese navorsing geval. Dit sluit opgrawing, analise van herwinde materiaal en argivale navorsing in. 'n Belangrike aspek van

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

die werk fokus op die benutting van 'n geografiese inligtingstelsel (GIS), sodat 'n raamwerk vir die rekonstruksie van die ruimtelike verhouding van artefakte en verskynsels daargestel kan word (Werz 1993:33).

### 5.3.2 Die argitektuur en argeologie van Vergelegen

Die opgrawings te Vergelegen is in opdrag van die grondeienaar gedoen. Die Neo-Marxistiese benadering is hiervoor benut, hoewel aansluiting by die Strukturalisme ook gevind is. Die geboue wat opgegrawe is, is deur goewerneur WA van der Stel opgerig. Twee hiervan is gedurende die agtiende eeu as behuising vir slawe benut. Die argitektoniese uitleg van die geboue en die landgoed word as die materiële uitdrukking van sosiale en kulturele stelsels en verhoudinge van die tyd gesien en dra gevolglik by tot die kennis van die algemene proses van koloniale vestiging.

Die materiaal wat opgegrawe is, dra by tot die kennis oor slawerny in die Kaap. Die bevindinge in hierdie verband word egter beperk omdat die voorbeelde van sodanige artefakte min is en daar 'n gebrek is aan materiaal van ander slaweterreine in die gebied. Die feit dat Vergelen 'n unieke onderneming in sy tyd was, maak dit nodig dat vergelykende werk met versigtigheid benader moet word. Die eienaars van Vergelegen na Van der Stel, blyk meer aan die norme van die tyd te voldoen en wysigings wat gedurende die agtiende en vroeë negentiende eeu op die landgoed plaasgevind het, toon ooreenstemming met die sosiale en ekonomiese gebeure in die kolonie (Markell 1993:71).

### 5.3.3 Opgrawing van die sewentiende eeuse Fort de Goede Hoop op die Groot Parade in Kaapstad

Die Groot Parade is in die tagtigerjare van die twintigste eeu deur die Stadsraad van Kaapstad herontwikkel. As deel hiervan is argeologiese opgrawings van die Fort de Goede Hoop uitgevoer. Die projek is vanuit 'n Neo-Marxistiese oogpunt benader. Deur van historiese kaarte gebruik te maak,

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

is die posisie van die 1652-fort vasgestel. Oorblyfsels van die fort is deur middel van opgrawings geïdentifiseer. 'n Groot hoeveeldheid artefakte en dieremateriaal is ook herwin. Die opgrawings het bewyse van die vroeëre benutting van die terrein deur die Khoisan opgelewer, wat deur die Europese fort en nedersetting, die ontwikkeling van die Nederlandse handelsonderneming en die Kaap se posisie hierbinne gevolg is (Abrahams 1993:3).

5.3.4 Die soektog na skeepswrakke by Robbeneiland

Hierdie was 'n gesamentlike kultuurhulpbronbestuursoefening, wat deur die Departement Korrektiewe Dienste, die Suid-Afrikaanse Vloot, die voormalige Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede en die Departement Argeologie van die Universiteit van Kaapstad uitgevoer is. Die projek is deur die Nasionale Regering geïnisieer en het ten doel gehad om 'n beraming te maak van die onderwater kultuurhulpbronne in die omgewing van Robbeneiland. Die teoretiese benadering blyk nie duidelik nie, maar aanduidings van die benutting van die Kultuurhistoriese- en Kontekstuele paradigma word aangetref. Onderwater veldwerk en navorsing in argiewe en biblioteke het aangetoon dat die kultuurhulpbronne hoofsaaklik uit skeepswrakke bestaan. Die wrakke dateer van die sewentiende tot twintigste eeu en verteenwoordig nege verskillende lande. Daar is ook vasgestel dat die skepe hoofsaaklik as gevolg van 'n kombinasie van natuurlike, menslike en tegniese faktore gesink het (Werz 1994:26).

5.3.5 Argeometallurgiese studies in verband met maritieme argeologie aan die Kaap van Goeie Hoop

Hierdie navorsing was 'n uitvloeisel van maritieme argeologiese navorsing wat deur die Universiteit van Kaapstad uitgevoer is. Die teoretiese benadering is onduidelik aangesien dit hier oor natuurwetenskaplike analises van artefakte gaan. 'n Geringe hoeveelheid metaalartefakte van

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

maritieme argeologiese kontekste in Suid-Afrika is aan metallografiese of chemiese analise onderwerp. Verskeie gevallestudies is in hierdie studie benut ten einde die vrae wat deur die analise van maritieme metaal en geroeste voorwerpe aangespreek kan word, te illustreer (Miller 1997:26).

### 5.3.6 Opgrawing van 'n laat negentiende eeuse/vroeg twintigste eeuse vullishoop in Minnaarstraat, Pretoria

Die opgrawing was deel van 'n reddingsoperasie wat deur die Nasionale Kultuurhistoriese Museum uitgevoer is, nadat die vullishoop deur konstruksiewerk deur die Stadsraad van Pretoria blootgelê is. Die teoretiese benadering is onduidelik, maar aansluiting by die Strukturalisme word aangedui. Tydens die opgrawing is 'n groot hoeveelheid materiaal herwin. Dit sluit glas, metaal, keramiek, been en tekstiel in. Die artefakte is op grond van funksie, in onder andere huishoudelike, persoonlike, alledaagse en medisinale voorwerpe gekategoriseer. Inligting is voorts verkry oor die dieet, sosiale status, ontspanning en alledaagse lewe van 'n gedeelte van Pretoria se inwoners. Die opgrawings en die metode waarmee die voorwerpe geanaliseer is, word as 'n model vir soortgelyke opgrawings in die toekoms beskou (Pelser e.a. 1998:93).

### 5.3.7 Die soektog na Fort Drury, Bloemfontein

Nadat toestemming verleen is om twee woonstelblokke te sloop, is die Nasionale Museum genader om ondersoek in te stel na die oorblyfsels van Fort Drury. Die argeoloog het 'n kultuurhistorikus ingeroep om die historiese navorsing oor die terrein en boustrukture daarop te doen. Uit die metodiek wat gevolg is, wil dit voorkom of die Kontekstuele paradigma benut is. Uit die historiese navorsing het dit geblyk dat die fort in April 1846 opgerig is en dat dit teen 1861 reeds verval het tot 'n aantal klipmuurtjies. Die argeologiese soektog na die fort is deur verskeie probleme belemmer en daar kan na die projek as 'n reddingsprojek verwys word. Uitvoerige opgrawings kon geen spoor van Fort

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Drury vind nie, maar historiese artefakte is wel opgespoor. Hierdeur is voorheen onbekende inligting oor die terrein aan die lig gebring (Botes 1999:1-2).

### 5.3.8 'n Britse militêre buitepos uit die Anglo-Boereoorlog in die Nasionale Krugerwildtuin

Hierdie projek is in opdrag van die Suid-Afrikaanse Nasionale Parke uitgevoer. 'n Kontekstuele benadering is met die navorsing gevolg. Historiese navorsing dui daarop dat 'n Britse militêre eenheid, Steinaecker's Horse, onder bevel van kolonel Ludwig von Steinacker gedurende die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) in die Laeveld en Swaziland geopereer het. Verskeie buiteposte is deur die eenheid in die Nasionale Krugerwiltuin opgerig. Die noordelike buitepos is argeologies ondersoek ten einde oorblyfsels, wat op die terrein agtergelaat is, te vind en om 'n idee te verkry van die lewenswyse op die buitepos.

Hoewel geen spesifieke historiese inligting oor hierdie terrein verkry is nie, het die opgrawings interessante bewysmateriaal opgelewer, soos dat die terrein in onlangse tye herbenut is. Groot vullishope op die terrein toon voorts dat dit deur 'n groot hoeveelheid mense bewoon is. Die oorgrote meerderheid artefakte wat gevind is, kan met die dieet en alledaagse aktiwiteite van die bewoners verbind word. Daar is bevind dat die Steinaecker's Horse eenheid nie alleen op die terrein teenwoordig was nie, maar dat die Native Police eenheid ook daar bedrywig was. Die verspreiding van voorwerpe op die terrein dui op 'n sosiale differensiasie tussen die twee eenhede (Van Vollenhoven e.a. 1998:113).

## 6. WETENSKAPLIKE PARADIGMAS IN DIE ARGEOLOGIE

Paradigmas en wetenskapsontwikkeling loop hand aan hand. Volgens Du Toit (1994:6) is 'n argeologieparadigma 'n bepaalde navorsingstradisie, wat uit 'n netwerk van teorieë, wette, ontologiese

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

modelle, metafore, metodologiese waardes en modeloplossings bestaan. Hy onderskei voorts drie fases in die geskiedenis van die wetenskap, naamlik 'n voor-paradigmatiese periode, 'n roetinewetenskapsperiode en 'n rewolusionêre wetenskapsperiode (Du Toit 1994:6-7).

Tydens die voor-paradigmatiese periode tree verskillende denkskole na vore en vind debatvoering en besinning oor die grondslag van teorieë plaas, totdat daar uiteindelik 'n paradigma tot stand kom (Clarke 1972:7-8; Du Toit 1994:7). By die roetinewetenskapsperiode word tersaaklike feite bepaal en met die teorie gepas ten einde laasgenoemde te artikuleer. 'n Wetenskapsrewolusie vind plaas wanneer 'n bestaande paradigma met die uitwys van anomalieë en falsifisering sodanig ondermyn word, dat 'n nuwe paradigma deur wetenskaplikes aanvaar word (Du Toit 1994:8, 10 en 15).

Faktore wat 'n rol speel in die wetenskaplike ontwikkeling van ‘n paradigma is die vermoë van die nuwe paradigma om onopgeloste probleme op te los, asook die groter eenvoud, akkuraatheid en nie-strydigheid daarvan. Hiervolgens kan 'n navorser 'n bewustelike keuse vir of teen 'n paradigma maak (Clarke 1972:9; Du Toit 1994:12 en 18).

In die argeologie was paradigmas tot dusver hoofsaaklik op die voorhistoriese tydperk toegespits, met ander woorde probleme wat opgelos moes word het uit die prehistoriese fase gedateer. Hierdie verskynsel het ook in Suid-Afrika voorgekom. Dit beteken dat argeologiese probleme uit die historiese tydperk relatief maklik opgelos is, sonder dat daar 'n doelbewuste teoretiese onderbou was. Die rede hiervoor is dat dit meestal uit reddingsaksies of ander erfenisbestuursaksies gespruit het. Omdat historiese argeologie ook nog nie die erkenning onder alle wetenskaplikes geniet soos wat prehistoriese argeologie geniet nie, is dit moontlik dat daar nie veel aandag aan 'n teoretiese basis hiervoor gegee is nie. Desnieteenstaande is historiese argeologie 'n volwaardige onderafdeling van die vakwetenskap argeologie (vergelyk Sharer & Ashmore 1979:20; Renfrew & Bahn 1991:11; Van

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Vollenhoven 1995a:189) Die tyd het gevolglik aangebreek dat dit op 'n wetenskaplike verantwoordbare teoretiese basis gefundeer word.

Du Toit het in 1994 'n volledige studie in verband met wetenskaplike paradigmas in die argeologie voltooi. Hoewel verskeie ander bronne in hierdie verband geraadpleeg is (vergelyk hoofstuk 2), is daar bevind dat Du Toit se werk die mees volledige en toepaslike ten opsigte van hierdie studie is en dat sy bevindinge ooreenstem met dit wat hier uiteengesit word. Gevolglik is besluit om nie hierdie studie te herhaal nie, maar om slegs 'n kort opsomming van elke paradigma te gee. Hoewel Du Toit as die belangrikste bron hiervoor beskou word, word sommige van hierdie ander bronne ook benut. Dit word ook met die onderwerp van hierdie studie, historiese-argeologie, in verband gebring.

## 6.1 Die Christelike paradigma

Die belangrikste uitgangspunte van die Christelike paradigma is kortliks soos volg:

- God het die aarde en alles daarop in ses dae en in 'n bepaalde onveranderlike vorm geskape.
- Daar is vir 'n lang tyd geglo dat die aarde en die mens slegs 6000 jaar oud is.
- Die katastrofeteorie, dit wil sê die siening dat natuurlike katastrofes tot vernietiging lei, wat deur 'n nuwe skepping gevolg word, speel 'n belangrike rol (Du Toit 1994:31-33; Fagan 1979:3; Sharer & Ashmore 1979:46).

Dit is duidelik uit bostaande dat die Christelike paradigma hom besig gehou het met die skepping en die ontstaan van die mens. Omdat hierdie kwessies prehistoriese vraagstukke is, speel dit geen rol in die historiese argeologie nie. Die Christelike paradigma kan gevolglik nie binne die historiese argeologie toegepas word nie. Boonop het dit reeds voor die einde van die negentiede eeu in onguns verval.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## 6.2 Die Evolusionistiese paradigma

Die Evolusionistiese paradigma berus op die volgende uitgangspunte:
- Kulturele evolusie, wat die ontwikkeling van menslike samelewings op 'n wetmatige wyse behels.
- Tydsbewustheid, dit wil sê dat daar 'n opeenvolging van periodes en ontwikkelingsfases was.
- Die bestudering van menslike vooruitgang in prehistoriese tye.

Die Evolusionistiese paradigma het hom op die voorgeskiedenis toegespits en het ten doel gehad om kulturele evolusie voor te stel as soortgelyk aan menslike evolusie (Du Toit 1994:34-99; Renfrew & Bahn 1991:22-23, 60; Sharer & Ashmore 1979:41, 47-49, 51-52).

Kulturele evolusie het te make met die ontwikkeling van menslike samelewings van eenvoudige jagter-versamelaars tot komplekse beskawings. Hierdie aangeleentheid het gewis geen verband met historiese argeologie nie en fokus oorwegend op die prehistoriese tydperk. Die deterministiese ontwikkelingsfases waardeur 'n gemeenskap moet gaan, is gevolglik nie met historiese argeologie versoenbaar nie, omdat laasgenoemde nie in die bestudering van prehistoriese veranderinge geïnteresseerd is nie.

Die Evolusionistiese paradigma is teen die draai van die eeu verwerp en met die Kultuurhistoriese paradigma vervang. Dit is voorts duidelik uit die bostaande dat dit nie in die historiese argeologie toegepas kan word nie.

## 6.3 Die Kultuurhistoriese paradigma

Die belangrikste uitgangspunte van die Kultuurhistoriese paradigma is soos volg:
- Die argeologiese rekord word in terme van kulture geïnterpreteer.
- Verbintenisse tussen kulture is deur middel van diffusie en migrasie oor die aarde verklaar.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

- Kultuurkomplekse moes so ver moontlik terug bepaal word.
- Die paradigma is tyd- en ruimtebewus.

Die aanvanklike doel van die paradigma was om die oorsprong van die Europese voorgeskiedenis vas te stel. Hiervoor het daar twee denkskole ontstaan, naamlik die Nabye Oosterse- en Indo-Europese denkskool. Eersgenoemde is uiteindelik verwerp, terwyl laasgenoemde geseëvier het.

Hoewel die bostaande doel geen verband met die historiese argeologie toon nie, het dié paradigma mettertyd ook op ander aspekte van die argeologie gefokus. Die ontdekking van die radiokoolstofdateringsmetode het na 1960 'n groot invloed binne die paradigma uitgeoefen (Du Toit 1994:100-133, 173-190, 222-226; Meyer 1995:7; Deetz 1967:55-59, 96-99; Sharer & Ashmore 1979:49, 55, 479-486, 492; Trigger 1990:311; Sheppard 1990:174; Davis 1990:281; Renfrew & Bahn 1991:407-409; Ucko 1995:10).

Die Kultuurhistoriese paradigma is nooit gefalsifiseer nie, hoewel dit menigmaal aangepas moes word ten einde te oorleef en sommige denkskole daarvan wel gefalsifiseer is. Historiese kennis, waarsonder die beoefening van historiese argeologie ondenkbaar is, is 'n belangrike onderdeel van die Kultuurhistoriese paradigma. Op die oog af wil dit dus voorkom asof die paradigma met vrug in die historiese argeologie toegepas kan word.

Omdat die etniese groep vanweë historiese navorsing, gewoonlik vooraf bekend is, is die interpretering van 'n terrein uit die historiese tydperk as behorende tot 'n spesifieke kultuur, dikwels nie werklik deel van die argeologiese debat nie. Omdat dit dikwels, veral ten opsigte van koloniale of Westerse argeologie 'n gegewe is, is dit onnodig om die kultuurverband tydens histories-argeologiese navorsing te bepaal.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Vanweë die kolonisering van die wêreld sedert die vyftiende eeu het 'n verskeidenheid kulture met mekaar in aanraking gekom. Mense, produkte en idees is gevolglik oor die hele aarde versprei. Verbintenis tussen kulture, wat as gevolg hiervan plaasgevind het, is nou histories bekende feite, sodat die belang van migrasie en diffusie ten opsigte van sodanige studies afgeneem het. Dit speel dikwels geen rol in die probleem wat in die historiese argeologie opgelos moet word nie.

Om dieselfde rede is dit meestal nie nodig om kultuurkomplekse in die historiese argeologie te bepaal nie. Dit beteken egter nie dat dit nie belangrik is nie. Daar word tog na die geskiedenis van 'n terrein en die persone wat daarmee verband hou gekyk, maar dikwels is dit vooraf bekend.

Die begrippe tyd- en ruimtebewus, het nie dieselfde betekenis in die historiese argeologie as by die Kultuurhistoriese paradigma nie. By eersgenoemde gaan dit oor die ruimtelike plasing van sekere kultuureienskappe uit 'n vasgestelde tydperk. By laasgenoemde gaan dit oor die kartering van kultuurkomplekse en kultuurverskynsels. In die historiese argeologie is daar gewoonlik min sprake van 'n lang historiese verloop, veral ten opsigte van koloniale of Westerse argeologie, en is historiese kennis eerder deel van sinchroniese studies (hoewel nie altyd nie), waar dit by die Kultuurhistoriese paradigma deel van diachroniese studies uitmaak.

Uit die bostaande kan dit afgelei word dat die Kultuurhistoriese paradigma nie die aangewese paradigma vir studies in die historiese argeologie is nie. Nieteenstaande hierdie siening, is dit duidelik dat 'n kultuurhistoriese benadering tog in sommige gevalle in die historiese argeologie toegepas kan word, veral ten opsigte van diachroniese studies.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## 6.4 Die Funksionalistiese paradigma

Die uitgangspunte waarop die Funksionalistiese paradigma berus, is soos volg:

- Menslike gemeenskappe is as geïntegreerde stelsels beskou waarin die onderskeie instellings aan mekaar verwant is, soos die dele van 'n lewende organisme.
- Kultuur is gedefinieer as 'n gedragsisteem waardeur 'n menslike gemeenskap by sy omgewing aanpas.
- Wette wat sosiale gedrag beheer, moes geformuleer word.
- Kulture is in terme van ruimte beskou.
- Om die funksie van kulturele oorblyfsels te bepaal was aan die orde van die dag.
- Prehistoriese aktiwiteite en aktiwiteitsareas is gerekonstrueer.

Twee denkskole van die Funksionalistiese paradigma word onderskei, naamlik die ekologiese en ekonomiese denkskool. Eersgenoemde het die werking van ekologiese faktore beklemtoon, terwyl laasgenoemde die werking van ekonomiese faktore beklemtoon het (Du Toit 1994:135-159; Knudson 1978:355; Sharer & Ashmore 1979:55-58, 403; Fagan 1991:73; Trigger 1990:313-314).

In die argeologie gaan dit oor meer as net die funksie van kultuuroorblyfsels. Gevolglik is die Funksionalistiese paradigma deur ander paradigmas verbygesteek. Dit gaan ook nie net oor die vasstelling van aktiwiteite en aktiwiteitsareas in die argeologie nie, maar onder andere ook oor kontak met ander kulture. By die Funksionalistiese paradigma word die menslike gemeenskap as 'n geïntegreerde stelsel beskou, maar min of geen aandag word aan kontak met ander kulture gegee nie. Omgewings- en ekonomiese invloede word eerder beklemtoon.

Gevolglik is daar 'n gebrek aan historiese perspektief, iets waarsonder die beoefening van historiese argeologie ondenkbaar is. Geen poging word byvoorbeeld by die Funksionalistiese paradigma aangewend om kennis omtrent voorafgaande gebeure te kry nie, terwyl dit 'n belangrike rol in die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

historiese argeologie speel.

'n Verdere gevolg van die oorbeklemtoning van die omgewing en ekonomie, is dat daar nie op alle aspekte van die behoeftes van 'n kultuur gefokus word nie. Gevolglik word eenvoudige jagter-versamelaar gemeenskappe by voorkeur bo komplekse gemeenskappe, soos dié wat in histories-argeologiese studies aangetref word, bestudeer.

Die formulering van wette, waarvolgens sosiale gedrag beheer word, is oor die algemeen 'n onaanvaarbare gedagte in argeologiese navorsing. Dit is veral onaanvaarbaar by daardie onderafdelings van historiese argeologie, waar pioniersgemeenskappe wat bestudeer word, klein is. Dikwels word slegs enkele gesinne bestudeer en speel die individuele besluitnemingsvermoë van die mens 'n bepalende rol in die neerlegging van die argeologiese afsetting.

Dit moet egter gemeld word dat die Funksionalistiese paradigma suksesvol in die historiese argeologie toegepas kan word, indien die doel van die navorsing bloot die bepaling van ruimtelike funksie en die individuele funksie van artefakte is. Onder ander omstandighede is dit duidelik dat die paradigma nie geskik is vir histories-argeologiese navorsing nie.

## 6.5 Die klassieke Marxistiese paradigma

Die klassieke Marxistiese paradigma berus op die volgende uitgangspunte:

- Die menslike geskiedenis word deur bepaalde wette beheer.
- Die argeologiese rekord word in terme van sosiale gemeenskappe, wat op evolusionêre wyse ontwikkel, bestudeer.
- Spanning tussen produksiekragte en -verhoudinge lei tot sosiale rewolusie en uiteindelik tot kultuurverandering.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

- Sosiale stadiums in die argeologiese rekord is aan die Marxistiese raamwerk gekoppel (Du Toit 1994:159-173; Renfrew & Bahn 1994:161, 414).

Dit is reeds by die Funksionalistiese paradigma duidelik gestel dat die daarstel van wette waarvolgens menslike gedrag beheer word, onaanvaarbaar is. Net soveel is dit onaanvaarbaar om te veronderstel dat wette die geskiedenis van die mens beheer, omdat dit die vermoëns van die individu ontken.

Hiermee hang die gedagte saam dat sosiale gemeenskappe op evolusionêre wyse ontwikkel. Dit is ook onaanvaarbaar, omdat dit gegrond is op die neergelegde wette. Binne die historiese argeologie is die tydperk wat bestudeer word gewoonlik in elk geval te kort om sodanige evolusionêre ontwikkeling te toon.

Die gedagte dat die sosiale stelsel tot kultuurverandering lei, kan nie in die historiese argeologie toegepas word nie, omdat daar dikwels nie sprake van sosiale groepe is nie. Die rede hiervoor is dat die "gemeenskap" wat bestudeer word, dikwels te klein hiervoor is (byvoorbeeld gesinne). In die algemeen (waar groot sosiale groepe wel bestudeer word) sou dit moeilik wees om hierdie gedagte alleen as die katalisator vir kultuurverandering in die argeologie te bewys.

Voorts is die Marxistiese raamwerk 'n teoretiese konstruksie en kan sosiale stadiums nie sonder meer daaraan gekoppel word nie. Selfs al was dit prakties haalbaar, is dit nie van belang in die historiese argeologie nie, omdat die historiese tydperk en die gepaardgaande geskrewe dokumente, ‘n relatief kort periode teenoor die bestaansgeskiedenis van die mens is. In hierdie relatief kort tydperk kan sosiale stadiums gewoonlik nie onderskei word nie. Waar dit wel die geval is, is die koppeling daarvan aan die Marxistiese raamwerk problematies.

Bostaande bewys onomwonde dat die klassieke Marxistiese paradigma nie geskik is vir studies in die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

historiese argeologie nie. Bowendien het die paradigma reeds in die vyftigerjare van die twintigste eeu in onbruik geraak. Dit is hoofsaaklik deur nuwe belangstelling in die Kultuurhistoriese paradigma vervang.

## 6.6 Die Kultuurproses-paradigma

Die uitgangspunte waarop die Kultuurproses-paradigma berus, is soos volg:

- Prehistoriese kulture word aan die hand van die stelselteorie, waarvolgens die onderdele van die stelsel aan mekaar verwant is en mekaar beïnvloed, bestudeer.
- Prosesse wat binne 'n gemeenskap aan die werk is, is geïsoleer en dan bestudeer.
- Kultuurekologie, dit wil sê die verband tussen die mens en sy omgewing, is beklemtoon ten opsigte van kultuurverandering.
- Kultuur verander deur middel van die proses van multilineêre evolusie.
- Die deduktief-nomologiese navorsingsmetode word gevolg.
- Veranderinge wat in die verlede plaasgevind het, moet verklaar word.
- Die nuutste wetenskaplike tegnieke word gebruik.

Die Kultuurproses-paradigma het tot ses denkskole gelei, waarvan elk 'n ander proses geïsoleer en bestudeer het. Die denkskole is naamlik die paleo-ekonomiese, ekologiese, geografiese, demografiese, handels- en sosiale denkskool.

Die stelselkonsep van die paradigma is moeilik om in die praktyk in die argeologie toe te pas, omdat daar nie altyd vanuit die argeologiese rekord bepaal kan word of die dele daarvan wel 'n eenheid is nie. Dit geld ook vir die historiese argeologie (Du Toit 1994:192-214; Sharer & Ashmore 1979:61, 508-519; Redman 1973:16-20; Binford & Binford 1968:1; Watson e.a. 1971:i-xv; Watson e.a. 1984:i-xi; Renfrew & Bahn 1991:33-37, 99, 411-422; Thomas 1995:350; Shanks & Hodder 1995:3-4; Foucault 1972:7-8, 26, 60-61).

Daar is te veel prosesse aan die werk binne menslike gemeenskappe, sodat die uitgangspunt om slegs

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

een hiervan te isoleer en te bestudeer, nie tot finale antwoorde kan lei nie. Daar moet altyd na die invloed van soveel as moontlik faktore, wat 'n gemeenskap kon beïnvloed gekyk word. Gevolglik kan die klem nie net op 'n enkele faktor, soos die omgewing se invloed op die mens, gereduseer word nie. Vanweë die komplekse aard van die historiese argeologie, waar daar nog meer faktore as by prehistoriese gemeenskappe betrokke kan wees, is hierdie uitgangspunt nie aanvaarbaar nie.

Multilinieêre evolusie impliseer wetmatighede, 'n gedagte wat reeds vroeër verwerp is, omdat dit die individu se vermoëns negeer. Hierdie wetmatighede is die einddoel van die deduktief-nomologiese metode. Derhalwe moet dié metode verwerp word.

Die gebruik van die jongste wetenskaplike tegnieke en die poging om veranderinge van die verlede te verklaar, is egter positiewe bydraes van die Kultuurproses-paradigma. Dit kan ook met vrug in die historiese argeologie benut word. Hierdie aspekte is egter nie uniek tot die Kultuurproses-paradigma nie. Gevolglik is dit duidelik dat die paradigma nie geskik is om in die historiese argeologie toegepas te word nie.

## 6.7 Die Strukturalistiese paradigma

Die Strukturalistiese paradigma is op die volgende uitgangspunte gegrond:
- Menslike kultuur word as simboliese strukture, wat skeppings van die menslike gees is, gesien.
- Kultuurverandering is die produk van die menslike bewussyn, veral as gevolg van sosiale verhoudinge.
- Simboliese strukture word van die argeologiese rekord afgelei.
- Dele van gemeenskappe word in verhouding tot die totale gemeenskap bestudeer.
- Die argeoloog is 'n instrument in die ondersteuning van 'n bepaalde ideologie (Du Toit 1994:214-218; Renfrew & Bahn 1991:339-341, 426; Hodder 1988:35; Boeyens 1998:6; Hall 1990:2; Sharer & Ashmore 1979:442; Foucault 1972:89-90).

Hoewel dit waar is dat menslike kultuur skeppings van die menslike gees is, kan dit nie net as van simboliese belang gesien word nie. Artefakte word gewoonlik eerstens vervaardig met 'n spesifieke funksie, maar kan ook 'n simboliese waarde hê. Om byvoorbeeld te sê dat 'n leivoor in Pretoria die funksie gehad het om water van een punt na 'n ander te vervoer, is waar. Dit sou egter verregaande wees om te beweer dat die leivoor 'n simboliese betekenis het, omdat water 'n belangrike simbool van die Christelike godsdiens is. Om derhalwe simboliese strukture van die argeologiese rekord af te lei, word daar op bespiegeling teruggeval, wat moeilik bewysbaar is.

Dit is sekerlik waar dat sosiale verhoudinge 'n bydrae tot kultuurverandering kan lewer. Dit kan egter nie as die enigste faktor in kultuurverandering gesien word nie. Dit is reeds vroeër gemeld dat die omgewing onder andere ook 'n rol kan speel. Die rol van individue kan ook nie buite rekening gelaat word nie. Daar is ook verskeie ander faktore wat in hierdie verband 'n rol kan speel. In die historiese argeologie het ons dikwels met geïsoleerde groepies mense te make, waar daar nie 'n komplekse sosiale organisasie bestaan nie. Gevolglik moet die rol van sosiale verhoudinge in kultuurverandering nie oorskat word nie.

By die historiese argeologie is daar nie sprake van die verhouding tussen dele van 'n gemeenskap en die totale gemeenskap nie, omdat dit nie werklik relevant tot die oplossing van die problematiek is nie. Daar word byvoorbeeld nie gekyk na die uiteenlopendheid van menslike gemeenskappe dwarsoor die wêreld nie. Trouens, indien daar wel so wyd in die historiese argeologie gekyk word, word daar juis na die gemeenskaplikheid tussen kulture gekyk (Orser & Fagan 1995:11).

Aangesien dit deel van die wetenskaplike proses is om so objektief moontlik te wees, kan die aanname dat die argeoloog 'n instrument in die ondersteuning van 'n bepaalde ideologie is, nie aanvaar word nie. Hoewel dit waar is dat wetenskaplikes soms doelbewus deur middel van die wetenskap 'n bydrae tot die politieke ideologie lewer (vergelyk byvoorbeeld Nazi-Duitsland), is die teendeel ook

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

waar (vergelyk byvoorbeeld argeologie in die Sowjet-Unie tydens Stalin se bewind). Historiese argeologie spreek dikwels geensins politieke en ideologiese doelwitte aan nie. Hieruit en uit die bostaande is dit dus duidelik dat die Strukturalistiese paradigma nie 'n geskikte raamwerk vir die bestudering van die historiese argeologie lewer nie.

## 6.8 Die Kontekstuele paradigma

Die grondslag van die Kontekstuele paradigma, is soos volg:
- Materiële kultuur word as 'n indirekte refleksie van menslike gedrag gesien.
- Materiële kultuur word deur iemand gemaak.
- Die totale konteks van 'n voorwerp/terrein gee daaraan betekenis.
- Insig word in kulturele betekenisse verkry, deur die onmiddellike historiese konteks na te vors.
- Die wisselwerking tussen die mens en die omgewing, en tussen sosiale stelsels, word bestudeer.
- Ooreenkomste en verskille in die argeologiese rekord word in kontekstuele assosiasies omskep, ten einde betekenis daaraan te heg (Du Toit 218-221; Boeyens 1998:6; Renfrew & Bahn 1991:42, 416; Meyer 1995:10-13; Hodder 1988:1-7, 9-17, 119-125, 128-134, 143, 149; Shanks & Hodder 1995:14; Foucault 1972:89-90).

Die siening dat materiële kultuur 'n indirekte refleksie van menslike gedrag is, beteken dat dit 'n spesifieke betekenis het. Hierdie betekenis word daaraan toegeken op grond van 'n verskeidenheid faktore, wat eerstens inherent deel van die mens is en wat tweedens van buite daarop 'n invloed uitoefen. Hieronder tel die omgewing, sosiale stelsel en so meer. Gevolglik moet daar na al hierdie faktore gekyk word ten einde die betekenis van 'n objek af te lei. Dit beteken dat 'n objek in sy totale konteks bestudeer moet word. Vanweë die kritiek op ander paradigmas wat enkele faktore isoleer en bestudeer, is dit duidelik dat hierdie benadering met die oplossing vorendag kom. Veral ten opsigte van die historiese argeologie waar daar 'n bykomende dimensie tot die argeologiese konteks, naamlik die historiese konteks bestaan, blyk hierdie benadering die oplossing te bied.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Kritiek is reeds vroeër uitgespreek teen die siening dat sosiale stelsels en wette kultuurverandering reguleer, omdat dit die bydrae van die individu negeer. Die Kontekstuele paradigma erken dat dit 'n individu is wat kultuur voortbring en deur sy optrede die samelewing skep. Hierdeur word die verhouding tussen die individu en die sosiale stelsel daargestel. By die historiese argeologie, veral koloniale of Westerse argeologie, word die terrein wat bestudeer word meestal aan 'n enkele klein groepie mense verbind. Die aktiewe rol van die skeppende individu het gevolglik groter betekenis. Hierdie rol word egter in die historiese konteks van die tyd geplaas, sodat dit nie bloot oor individue gaan nie, maar ook oor die sosiale verband met die samelewing. Dit blyk dus hieruit dat die paradigma geskik is om binne die historiese argeologie toegepas te word.

Die historiese konteks van 'n terrein uit die histories-argeologiese fase, is van kardinale belang in die interpretering daarvan (Boeyens 1998:5). Dikwels kan 'n terrein nie verklaar word as daar bloot na die argeologiese konteks daarvan gekyk word nie en bring die historiese konteks insig in die oplossing van die probleem. Hodder (1995:145) stel dit soos volg:

> It is partly for this reason that historical archaeology is an 'easier' approach. Here the data are richly networked, much survives, and there are many leads that can be followed through, even in the absence of literary texts, which themselves only provide another context in which to look for similarities and differences.

Die verband tussen die geskrewe en argeologiese konteks moet egter aangetoon word (Boeyens 1998:6) Die Kontekstuele paradigma stel dit duidelik dat die onmiddellike historiese konteks insig in kulturele betekenisse gee. Gevolglik pas ook hierdie grondslag binne die raamwerk van die historiese argelogie in.

Ten einde betekenis aan die argeologiese rekord te gee, moet dit in 'n kontekstuele verband geplaas word. Dit beteken dat ooreenkomste en verskille aan die hand van verwante inligting verklaar moet

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

word. Historiese kennis is 'n voorvereiste voor sodanige assosiasies en verklarings gemaak kan word. In die historiese argeologie is dit feitlik ondenkbaar dat verklarings oor die argeologiese rekord gegee kan word, sonder dat daar historiese kennis daaroor ingewin is. Die voorbeelde wat in hierdie proefskrif gebruik word, sal hierdie feit beklemtoon.

Gevolglik is dit duidelik dat die Kontekstuele paradigma by uitnemendheid geskik is om binne die historiese argeologie aan te wend. Dit is daarom nie vreemd dat Hodder (1988 & 1995) grootliks van voorbeelde uit die historiese argeologie gebruik maak in sy uiteensetting van die paradigma nie. Voorts meld hy dat hierdie paradigma die klem op die simboliese en funksionele rol van artefakte plaas (1995:124-128). Ook Deetz (1977:50) dui die funksionele en simboliese rol van artefakte as belangrik aan. Hodder stel dit ook duidelik (Hodder 1988:101) dat die Kontekstuele paradigma ten opsigte van navorsing in die historiese argeologie benut behoort te word.

### 6.9 Die Neo-Marxistiese paradigma

Die Neo-Marxistiese paradigma berus op die volgende uitgangspunte:
- Die ekonomiese basis van gemeenskappe en die invloed daarvan op die samelewing word bestudeer.
- Die ideologie beïnvloed alle menslike aktiwiteite, insluitend wetenskaplike navorsing.
- Die argeologiese rekord word aan die Marxistiese raamwerk gekoppel.
- Die werklikheid word as 'n eenheid beskou, wat as sodanig bestudeer moet word.

Soos met soveel van die paradigmas, word die klem by die Neo-Marxistiese paradigma op enkele faktore geplaas. Dit is reeds vroeër gemeld dat die menslike samelewing te kompleks is om nie alle faktore in ag te neem nie. Hoewel die ekonomie en ideologie sekerlik belangrike faktore is, kan faktore soos die omgewing nie buite rekening gelaat word nie. Dit beteken dat die Neo-Marxistiese paradigma nie 'n goeie basis vir argeologiese navorsing in die breë bied nie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Reeds by die Strukturalistiese paradigma is kritiek uitgespreek oor die siening dat die argeoloog 'n instrument in die ondersteuning van 'n bepaalde ideologie is. Die siening van die Neo-Marxisme, dat wetenskaplike navorsing deur die ideologie beïnvloed word, moet derhalwe onder verdenking staan (Du Toit 1994:226-232; Meyer 1995:9; Boeyens 1998:6; Renfrew & Bahn 1991:414-415, 430; Hodder 1988:61, 68-69, 75-76; Trigger 1990:309). Hoewel dit sekerlik waar is dat 'n mens hom nie totaal kan losmaak van dit waarin hy glo nie, beteken dit nie dat dit sy vermoë om objektief navorsing te doen rem nie.

Om die argeologiese rekord aan die Marxistiese raamwerk te koppel, stem ooreen met die klassieke Marxistiese paradigma se koppeling van sosiale stadia aan die Marxistiese raamwerk. Daar is reeds daarop gewys dat die Marxistiese raamwerk 'n teoretiese konstruksie is en dat sodanige koppeling nie sonder die nodige verbande gemaak kan word nie. Bowendien hou die Marxistiese raamwerk hom besig met die ontwikkeling van 'n sosiale gemeenskap in ontwikkelingstadiums. Hierdie aspek word selde in histories-argeologiese navorsing bestudeer.

Die beskouing van die werklikheid as 'n eenheid, sluit aan by die gedagte van die Kontekstuele paradigma dat daar na alle faktore, wat 'n invloed op 'n samelewing gehad het, gekyk moet word. As sodanig is dit 'n aanvaarbare gedagte. Dit is egter teenstrydig met die siening dat die ekonomie en die ideologie by die Neo-Marxistiese paradigma beklemtoon word. Oor die algemeen beteken dit dus dat die Neo-Marxistiese paradigma nie geskik is vir navorsing in die historiese argeologie nie.

## 6.10 Samevatting en bevindinge

Om aan die kriteria vanuit die navorsingsbehoeftes, naamlik waarheid, objektiwiteit en rasionaliteit (sien punt 2.2) te voldoen, moet daar aan die volgende vereistes, soos afgelei uit die paradigmas, voldoen word:

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

primêre vereistes:

- kultuurverband
- ruimte
- tyd
- benutting van historiese kennis
- beskrywing
- verklaring
- individualiserend
- materiële kultuur

sekondêre vereistes:

- aanpassing by omgewing
- sosiale strukture
- simbolisme
- ekonomiese/ideologiese strukture

Die primêre vereistes word as noodsaaklik beskou ten opsigte van die navors van 'n argeologiese terrein. Namate dit die sekondêre vereistes betref hoef slegs een hiervan toepaslik te wees, maar al vier kan in 'n spesifieke geval toepaslik wees. Dit is egter belangrik dat al vier benut word indien dit toepaslik is. Die meting van die onderskeie paradigmas aan die hand van hierdie vereistes, word in tabel 3.4 weergegee. Die doel hiervan is nie om 'n gedetailleerde uiteensetting te geen nie, maar bloot om aan te toon dat sommige paradigmas tot 'n groter mate as ander vir die verskillende navorsingsvereistes voorsiening maak.

Uit die tabel blyk dit dat die Kontekstuele paradigma die mees geskikste is om aan die kriteria van waarheid, objektiwiteit en rasionaliteit te voldoen. Die paradigmas moet egter ook aan die kriteria vanuit die behoeftes van erfenishulpbronbestuur gemeet word. Hierdie kriteria is naamlik navorsings-, bestuurs-, opvoedkundige en gemeenskapsbehoeftes en wetgewingsvereistes. Die vereistes is dieselfde as vir die navorsingbehoeftes, maar nie almal is van toepassing ten opsigte van erfenishulpbronbestuur nie. Die onderstaande lys, is die toepaslike vereistes, oftewel die primêre vereistes, vir erfenishulpbronbestuur (vergelyk Van Vollenhoven 1998a:21-24):

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

- kultuurverband
- ruimte
- tyd
- benutting van historiese kennis
- beskrywing
- verklaring
- individualiserend
- materiële kultuur

Tabel 3.5 gee die meting van die onderskeie paradigmas aan die hand van die vereistes vir erfenishulpbronbestuur weer. Weer eens het dit bloot ten doel om daarop te dui dat sommige paradigmas voorsiening vir al die erfenishulpbronbestuursbehoeftes maak, terwyl ander dit gedeeltelik uitsluit.

Hierdie tabel dui daarop dat die Kontekstuele paradigma ook die mees geskikste is om aan die erfenishulpbronbestuursbehoeftes te voldoen. Uit die bostaande kan daar tot die volgende bevindinge gekom word:

Van al die paradigmas kon die Kultuurhistoriese paradigma homself die langste handhaaf. Hoewel die paradigma verskeie terugslae beleef het, het dit gedurende die sestigerjare van die twintigste eeu weer sterk na vore getree en het selfs 'n nuwe denkskool ontwikkel.

Historiese kennis word by 'n groot hoeveelheid paradigmas, naamlik die Kultuurhistoriese, Strukturalistiese, Kontekstuele en Neo-Marxistiese paradigma, gebruik om die voorgeskiedenis te interpreteer. Die hele kwessie van etnisiteit en kulturele identiteit, wat van besondere belang by die Kultuurhistoriese paradigma is, is vandag 'n belangrike aangeleentheid in die argeologiese debat.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

TABEL 3.4 **METING VAN DIE WETENSKAPLIKE PARADIGMAS IN DIE ARGEOLOGIE TEN OPSIGTE VAN NAVORSINGSBEHOEFTES**

| **Navorsingsbehoeftes** | | **Paradigmas** | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Kriteria:<br>Waarheid<br>Objektiwiteit<br>Rasionaliteit | Vereistes:<br><br>Primêr: | Evolusionis-tiese paradigma | Kultuurhistorie-se paradigma | Funksionalistie-se paradigma | Kultuur proses-paradigma | Strukturalis-tiese paradigma | Kontekstuele paradigma | Neo-Marxistiese paradigma |
| | Kultuurverband | 0 | 2 | 0 | 0 | 0 | 2 | 0 |
| | Ruimte | 1 | 2 | 2 | 2 | 2 | 2 | 1 |
| | Tyd | 2 | 2 | 0 | 0 | 1 | 2 | 1 |
| | Benutting van historiese kennis | 1 | 2 | 0 | 0 | 1 | 2 | 1 |
| | Beskrywing | 1 | 2 | 1 | 1 | 1 | 2 | 1 |
| | Verklaring | 2 | 0 | 2 | 2 | 2 | 2 | 2 |
| | Individualiteit | 0 | 1 | 0 | 0 | 0 | 2 | 0 |
| | Materiële kultuur | 1 | 2 | 2 | 2 | 1 | 2 | 2 |
| | Sekondêr:<br>Aanpassing by omgewing | 2 | 0 | 2 | 2 | 0 | 1 | 1 |
| | Sosiale strukture | 0 | 0 | 2 | 2 | 2 | 1 | 2 |
| | Simbolisme | 0 | 0 | 0 | 0 | 2 | 1 | 1 |
| | Ekonomiese/Ideolo-giese strukture | 0 | 1 | 2 | 2 | 2 | 1 | 2 |
| | **TOTAAL (24):** | **10** | **14** | **13** | **13** | **14** | **20** | **14** |

0 = Vereiste nie belangrik nie    1 = Vereiste teenwoordig    2 = Vereiste belangrik

**TABEL 3.5 METING VAN DIE WETENSKAPLIKE PARADIGMAS IN DIE ARGEOLOGIE TEN OPSIGTE VAN ERFENISHULPBRONBESTUURSBEHOEFTES**

| **Erfenishulpbronbestuursbehoeftes** | | **Paradigmas** | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Kriteria:<br>Navorsingsbehoeftes<br>Bestuursbehoeftes<br>Opvoedkundige behoeftes<br>Gemeenskapsbehoeftes<br>Wetgewingsvereistes | Vereistes: | Evolusionistiese paradigma | Kultuurhistoriese paradigma | Funksionalistiese paradigma | Kultuurproses-paradigma | Strukturalistiese paradigma | Kontekstuele paradigma | Neo-Marxistiese paradigma |
| | Kultuurverband | 0 | 2 | 0 | 0 | 0 | 2 | 0 |
| | Ruimte | 1 | 2 | 2 | 2 | 2 | 2 | 1 |
| | Tyd | 2 | 2 | 0 | 0 | 1 | 2 | 1 |
| | Benutting van historiese kennis | 1 | 2 | 0 | 0 | 1 | 2 | 1 |
| | Beskrywing | 1 | 2 | 1 | 1 | 1 | 2 | 1 |
| | Verklaring | 2 | 0 | 2 | 2 | 2 | 2 | 2 |
| | Individualiteit | 0 | 1 | 0 | 0 | 0 | 2 | 0 |
| | Materiële kultuur | 1 | 2 | 2 | 2 | 1 | 2 | 2 |
| | **TOTAAL (16):** | **8** | **13** | **7** | **7** | **8** | **16** | **8** |

0 = Vereiste nie belangrik nie    1 = Vereiste teenwoordig    2 = Vereiste belangrik

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Beide die Kultuurproses-paradigma en die Funksionalistiese paradigma gebruik die tipologiese metode op dieselfde wyse, naamlik om artefakte te differensieer op grond van hulle doel of funksie. Om hierdie rede kan die twee paradigmas as teorieë binne 'n breër navorsingsprogram gesien word. Dit wil tans voorkom asof die Strukturalistiese, Kontekstuele en Neo-Marxistiese paradigmas se gebruik van die tipologiese metode, sowel as hulle en die Kultuurproses-paradigma se gebruik van die drie-tydperksisteem, op kultuurhistoriese uitgangspunte berus (Du Toit 1994:231-232).

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat die Christelike en Evolusionistiese paradigma probleme aangespreek het wat geensins op die historiese argeologie van toepassing gemaak kan word nie. Daarom is hierdie paradigmas onaanvaarbaar binne die historiese argeologie.

Die gebrek aan historiese perspektief maak dat die Funksionalistiese en Kultuurproses-paradigma nie in die historiese argeologie toegepas kan word nie. Vanweë die belang van die historiese konteks (vergelyk punt 4), is hierdie twee paradigmas gevolglik ook nie aanvaarbaar vir benutting ten opsigte van die historiese argeologie nie.

By beide hierdie paradigmas, sowel as by die klassieke Marxistiese, Neo-Marxistiese, Kultuurhistoriese en Strukturalistiese paradigma word daar nie na alle faktore gekyk ten einde die argeologiese rekord te verklaar nie, maar word 'n bepaalde faktor beklemtoon. Gevolglik skep dit nie 'n aanvaarbare raamwerk vir die historiese argeologie nie.

Die koppeling deur die klassieke Marxistiese en Neo-Marxistiese paradigma van die argeologiese rekord aan die Marxistiese raamwerk is onaanvaarbaar. Die rede hiervoor is dat dit teoretiese konstruksies is, wat boonop dikwels nie in die historiese argeologie ter sprake is nie.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die wetmatighede wat deur die Funksionalistiese, klassieke Marxistiese, Kultuurproses- en Neo-Marxistiese paradigma daargestel word, maak hulle ook onvanpas vir historiese argeologie. Om die argeoloog as deel van die ideologie te sien is in stryd met die wetenskaplike vereiste van objektiwiteit. Gevolglik word die Strukturalistiese en Neo-Marxistiese paradigma op grond hiervan verwerp.

Om al die bostaande redes blyk dit dat die Kontekstuele paradigma die mees geskikste raamwerk vir die bestudering van terreine uit die historiese tydvak bied. Dit moet egter nie uit die oog verloor word dat ander paradigmas in ander situasies moontlik meer geskik kan wees nie. Ucko (1995:15-17) stel dit juis dat verskillende argeoloë in verskillende wêrelddele op grond van hulle spesifieke konteks, 'n keuse vir of teen sekere teoretiese uitgangspunte maak.

Die rede waarom die Kontekstuele paradigma na die mees aanvaarbare raamwerk vir die bestudering van die vak argeologie lyk, lê in die vermoë daarvan om die positiewe elemente uit 'n verskeidenheid van paradigmas te kombineer en in een paradigma saam te voeg. Hierdie vermoë maak dit spesifiek ten opsigte van die historiese argeologie, die mees aanvaarbare paradigma. In hierdie proefskrif sal die Kontekstuele paradigma op 'n verskeidenheid histories-argeologiese terreine toegepas word, ten einde hierdie stelling te toets.

Ander paradigmas, wat moontlik toepaslik vir aanwending in die historiese argeologie kan wees, sal ook aan die gevallestudies gemeet word (hoofstuk 10). Die rede hiervoor is om 'n objektiewe toets van die paradigmas daar te stel. Uit die voorafgaande is dit duidelik dat die Christelike, Evolusionistiese, Funksionalistiese, Kultuurproses- en klassieke Marxistiese paradigma geensins op historiese argeologie toegepas kan word nie. Gevolglik sal vier van dié paradigmas van die toets uitgesluit word. Vanweë die beduidende invloed wat die Kultuurproses-paradigma in die argeologie uitgeoefen het, sal dit saam met die Kultuurhistoriese, Strukturalistiese, Kontekstuele en

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Neo-Marxistiese paradigma daaraan onderwerp word.

## 7. HISTORIOGRAFIE

Die bespreking van historiografie word nie gedoen met die doel om 'n volledige uiteensetting daarvan te gee nie, maar bloot om 'n aansluiting met die vakfilosofie van (historiese) argeologie te verkry, aangesien die studie vanuit die oogpunt van die argeologie benader word. Gevolglik sal daar nie in besonderhede hierop ingegaan word nie. Die werke van Van Jaarsveld (1980; 1982a; 1984) en Smith (1988) word as gesaghebbend in hierdie verband beskou en word dus benut om 'n kort opsomming van die denkrigtings in die geskiedenis te gee.

### 7.1 Die Rankeaanse model

Leopold von Ranke was gedurende die negentiende eeu die skepper van die model van wetenskaplike geskiedenis wat op die hermeneutiese individualiserende verstaanmetode gebaseer was (Van Jaarsveld 1980:10-11; Van Jaarsveld 1982a:2). Hiervolgens was die staat, politiek, staatsinstellinge, buitelandse sake en groot persoonlikhede die onderwerp van geskiedenis (Van Jaarsveld 1982a:2-5, 45). Afrikaner nasionalistiese geskiedskrywers het hulle hoofsaaklik op hierdie tipe temas toegespits (Smith 1988:90-91).

Die Rankeaanse model het van die veronderstelling uitgegaan dat daar 'n wesensonderskeid tussen die verskynsels van die natuur en die gees bestaan. Gevolglik was 'n ander metode as die natuurwetenskaplike metode nodig om tot kennis te kom (Van Jaarsveld 1980:8; Van Jaarsveld 1982a:6). Slegs deur te verstaan kon hierdie doel bereik word. Die unieke historiese individualiteit is voorts beklemtoon (Van Jaarsveld 1980:9-10;Van Jaarsveld 1982a:6). Daarom moes historiese verskynsels, tydperke, gebeurtenisse en persone ook in hulle eie tyd verstaan word.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die vorm van kennis was narratief en die dokument was die sleutel tot die historiese waarheid. Om hierdie rede is nuwe historiese tegnieke van eksterne en interne kritiek gebruik, sodat die egtheid, oorspronklikheid en geloofwaardigheid van bronne vasgestel kon word (Van Jaarsveld 1980:10; Van Jaarsveld 1982a:7-8).

Ranke het historiese waarheid, korrektheid en veral objektiwiteit nagestreef (Van Jaarsveld 1980:11; Van Jaarsveld 1982a:8). In hierdie opsig sluit dit sterk aan by die navorsingsbehoeftes, soos uiteengesit in punt 2.2.

### 7.2 Die Amerikaanse 'New History'-skool

Die Amerikaanse 'New History' het sedert 1910 as 'n progressiewe rigting in die VSA tot stand gekom. Dit was 'n reaksie teen die Rankeaanse siening en het ook as die Progressiewe skool bekend gestaan (Van Jaarsveld 1980:47 ; Van Jaarsveld 1982a:16, 48). Amerikaanse geskiedskrywing tussen die twee Wêreldoorloë is deur dié skool oorheers (Van Jaarsveld 1982a:16, 48).

Die 'New History' was daarop gemik om veranderinge in die samelewing te weeg te bring, om toegankik vir die lekeleser te wees en om weg te beweeg van wat beskou is as 'n onwetenskaplike benadering. Verder moes die tradisionele geskiedenis hervorm word om aan te pas by die sosiale wetenskappe (Van Jaarsveld 1980:47; Van Jaarsveld 1982a:17, 48-40).

Die verlede is bewustelik aan die hede ondergeskik gemaak, deurdat studie-onderwerpe, wat aan die behoeftes van die hede relevant is, gekies is. Politieke geskiedenis is vermy, terwyl sosiaal-ekonomiese temas bestudeer is. Hictorici moes voorgee dat geskiedenis 'n sosiale wetenskap is wat die samelewing van praktiese kennis kan voorsien (Van Jaarsveld 1982a:18).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die sosiale wetenskappe is voorts ook tot hulp van die geskiedenis aangewend. Die soeke na wette wat voorspelbare waarde het, was aan die orde van die dag (Van Jaarsveld 1980:49; Van Jaarsveld 1982a:19). Omdat die subjek oorbeklemtoon is in die soeke na bruikbare kennis, het die 'New History' te ver van die eie aard van geskiedenis wegbeweeg (Van Jaarsveld 1980:50; Van Jaarsveld 1982a:20). Gevolglik het daar na die Tweede Wêreldoorlog 'n reaksie van liberale historici daarteen ontstaan, waardeur 'n vertroue in 'n meer tradisionele geskiedwetenskap herstel is (Van Jaarsveld 1982a:20).

### 7.3 Die Franse Annales-skool

Ranke se model was oorheersend aan die einde van die negentiende eeu tot aan die Eerste Wêreldoorlog (Van Jaarsveld 1982a:13). Met die eeuwending het daar in Frankryk 'n reaksie teen die Rankeaanse model ingetree (Smith 1988:168). Vandag oefen die Franse Annales-skool wêreldwye invloed uit (Van Jaarsveld 1982a:3). Die Annales-skool is 'n poging om aan geskiedenis 'n meer wetenskaplike grondslag te gee (Van Jaarsveld 1980:76; Van Jaarsveld 1982a:49). Liberale (Van Jaarsveld 1984:62) en radikale geskiedskrywing in Suid-Afrika is onder andere deur die Annales-skool beïnvloed (Smith 1988:168).

Volgens hierdie benadering is die objekte van historiese studie gedekompartementaliseer en verbreed, sodat die totaliteit van die mens se ervaring omvat word (Van Jaarsveld 1980:76; Van Jaarsveld 1982a:3, 23). Dit het tot 'n integrasie van die deelgebiede en buurwetenskappe van geskiedenis gelei - 'n holistiese benadering (Van Jaarsveld 1980:76; Van Jaarsveld 1982a:4, 23, 49; Smith 1988:168; Van Jaarsveld 1984:62). Geskiedenis is nou in 'n funksioneel-strukturele gedaante aangebied (Van Jaarsveld 1982a:4, 50). Verder is die hermeneutiese en analitiese metodes verenig. Geskiedenis moes dus verstaan en verklaar word (Van Jaarsveld 1980:77; Smith 1988:168).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

'n Integrerende kultuur- en sosiaal-ekonomiese geskiedenis is nou tot stand gebring (Van Jaarsveld 1982a:22). Die mens as individu is as sentrum van die geskiedenis vervang deur mense wat uit saamgestelde maatskaplike groepe bestaan (Van Jaarsveld 1982a:24; Smith 1988:168). Nietemin is die unieke individualiteite steeds in gedagte gehou (Van Jaarsveld 1980:77). Die lewe word as 'n geheel gesien en geen tydperk of voorwerp kan verstaan word as dit nie in 'n verhouding tot ander tydperke of voorwerpe gestel word nie (Van Jaarsveld 1982a:25). Die Annales-skool toon 'n sterk affiniteit vir die Marxistiese opvatting van geskiedenis (Van Jaarsveld 1982a:50), hoewel dit nie noodwendig Marxisties is nie (Smith 1988:168). Laastens is die Annales-skool daarop ingestel om analities eerder as narratief te wees (Van Jaarsveld 1982a:29). As kritiek teen die Annales-skool kan gemeld word dat politieke geskiedenis verwaarloos is (Van Jaarsveld 1980:89).

### 7.4 Die 'nuwe' geskiedenis in Brittanje

In die vyftigerjare van die twintigste eeu was daar ook in Brittanje 'n reaksie teen die tradisionele geskiedskrywing. Die verhouding tussen geskiedenis en sosiologie is hierdeur in gedrang gebring. Die sosiologie is as 'n noodwendige hulpmiddel vir geskiedenisnavorsing gesien (Smith 1988:168-169; Van Jaarsveld 1982a:50). Hierdie benadering is deur die Marxistiese geskiedenisopvatting beïnvloed (Van Jaarsveld 1982a:50). Dit kom daarop neer dat geskiedenis 'n kritiese sosiale wetenskap is, wat nie net op die interpretasie van die wêreld gerig is nie, maar dit ook moet verander (Van Jaarsveld 1980:65).

Geskiedenis moet as sosiale wetenskap verstaan word en daar moet 'n model vir sosio-ekonomiese veranderingsprosesse daargestel word. Dit neig na 'n volledige integrasie van geskiedenis en sosiologie en is gerig op 'n interdissiplinêre benadering (Van Jaarsveld 1982a:51). Die Britse geskiedskrywing het ‘n sterk invloed op radikale geskiedskrywing in Suid-Afrika gehad (Smith 1988:168).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## 7.5 Die Duitse geskiedskrywing na 1960

Na 1945 is die Rankeaanse geskiedskrywing in Wes-Duitsland voortgesit. Die jonger geslag historici was egter nie hiermee tevrede nie (Van Jaarsveld 1980:103; Van Jaarsveld 1982a:31). Die gevoel was dat ekonomiese en sosiaal-historiese temas meer aandag moes kry en dat daar van politieke temas wegbeweeg moes word. Gevolglik moes die klem na samelewingsgeskiedenis verskuif (Van Jaarsveld 1980:104; Van Jaarsveld 1982a:32).

Sosiale geskiedenis het politieke geskiedenis verdring. Teorieë, begrippe en metodes uit die sistematiese sosiale wetenskappe is benut (Van Jaarsveld 1982a:34, 52) en 'n veralgemenende - verklarende analitiese werkswyse is gevolg. Geskiedenis is as 'n sosiale wetenskap gesien (Van Jaarsveld 1980:106; Van Jaarsveld 1982a:35), 'n gedagte wat nie deur alle Duitse historici aanvaar word nie (Van Jaarsveld 1982a:36). Nietemin staan sosiale geskiedenis tans wêreldwyd op die voorgrond van vakwetenskaplike beoefening (Van Jaarsveld 1982a:38).

## 7.6 Samevatting

Geskiedenis kan beskou word as 'n vak met besonderse interdissiplinêre moontlikhede omdat dit tegelyk 'n geestes- en sosiale wetenskap is (Van Jaarsveld 1982a:40-41). Uit die voorafgaande kan daar afgelei word dat interdissiplinêre navorsing 'n belangrike metode van hedendaagse geskiedenis behels. Dit is 'n verder van kardinale belang ten opsigte van die doel van hierdie studie.

Die definiëring van historiese argeologie (punt 4) het duidelik uitgewys dat die historiese argeoloog maksimaal van tradisionele historiografiese bronne gebruik moet maak tydens die navorsingsproses. Die samewerking tussen argeologie en geskiedenis is dus 'n voorvereiste vir enige histories-argeologiese navorsing.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Alleen op hierdie wyse kan daar probeer word om aan die navorsingsbehoeftes naamlik waarheid, rasionaliteit en objektiwiteit (punt 2.2) te voldoen. Slegs die benutting van so veel as moontlik van so 'n wye verskeidenheid van bronne as moontlik, bring die navorser nader aan die antwoord van wat werklik in die verlede gebeur het.

Op hierdie wyse word ook aan die erfenishulpbronbestuursbehoeftes voldoen. Hoe nader daar aan die waarheid gekom kan word, beteken dat daar aan die navorsingsbehoeftes voldoen sal word. Dit sal daartoe lei dat die bestuursbehoeftes beter aangespreek kan word. Deur die waarheid te kommunikeer word daar aan die opvoedkundige behoeftes voldoen, veral omdat 'n wanindruk nie geskep word nie. Hieruit volg die gemeenskapsbehoeftes om dit wat hulle erfenis is vir die nageslag in stand te hou, maar nie 'n gemitologiseerde voorstelling daarvan uit te beeld nie.

Laastens kan daar dan ook beter aan die wetgewingsvereistes voldoen word. Dit stel die owerheid in staat om die korrekte kennis oor erfenishulpbronne te bewaar. Verder maak dit kundige besluite moontlik wanneer daar evaluering van erfenishulpbronne moet plaasvind. Hierdie evaluering is belangrik om twee redes, naamlik om te bepaal of 'n erfenishulpbron wel bewarenswaardig is en indien wel, tot watter mate. Dit is ook nodig sodat erfenishulpbronne ingevolge die wetgewing as graad I, II of III geklassifiser kan word (sien Van Vollenhoven 1998a:31-35). Hiervolgens word bepaal welke instansie vir die bewaring van sodanige erfenishulpbron verantwoordelik sal wees.

Dit is onder punt 5 en 6 uitgewys dat die Kontekstuele paradigma die mees geskikste is vir navorsing in die historiese argeologie. Dit is juis die aanpasbaarheid van hierdie paradigma wat 'n geskikte wetenskaplike navorsingsraamwerk verskaf. Die klem wat deur die paradigma op die historiese konteks geplaas word, beteken dat dit aansluit by die gedagte om argeologie en geskiedenis te kombineer tydens navorsing. In hierdie opsig sluit dit dus aan by die hedendaagse skole in die geskiedeniswetenskap om interdissiplinêr te werk te gaan. Voorts beteken dit ook om van allerlei

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

ander kontekste, dit wil sê vakdissiplines, gebruik te maak. Hieronder tel onder andere geografie, dierkunde, geologie en so meer.

Die slotsom waartoe daar gekom word is dat interdissiplinêre navorsing, soos onder andere deur die Annales-skool vereis, aansluit by die Kontekstuele paradigma. Hodder (1995:89) dui dan ook aan dat die Annales-skool toenemend besig is om 'n invloed in die argeologie uit te oefen. Gevolglik behoort histories-argeologiese navorsing binne hierdie twee benaderings, vanuit die onderskeie vakgebiede, aangepak te word.

## 8. METODELEER

Dit is belangrik dat navorsers dit nooit uit die oog moet verloor dat daar beperkinge aan historiese kennis is nie. Tosh (1994:130) en Nipperdey (1978:2-14) vra dan ook tereg of historici werklik objektief kan wees. Hierdie afdeling het ten doel om kortliks die metodes waarvolgens historiese navorsing gedoen moet word weer te gee en daardeur aan te dui hoe die navorser te werk moet gaan om so objektief as moontlik te wees. Objektiwiteit is reeds onder punt 2.2 as een van die noodsaaklike behoeftes vir navorsing bespreek. Die werke wat vir hierdie afdeling benut sal word is dié van Tosh (1994), Nipperdey (1978) en Shafer (1980). Hierdie werke word as gesaghebbend vir die studie van metodeleer beskou.

### 8.1 Objektiwiteit

Historici maak primêr van dokumente gebruik tydens navorsing. Hierdie dokumente moet deeglik geëvalueer word alvorens dit benut kan word (Tosh 1994:133). Historici moet besef dat die dokumente tot hulle beskikking bloot 'n onvolledige rekord van die werklikheid is (Nipperdey 1978:2; Tosh 1994:134). Boonop is dit moontlik dat die skrywers daarvan, bewustelik of onbewustelik, foute begaan het tydens die opstel daarvan. Gevolglik is 'n kritiese ingesteldheid noodsaaklik (Tosh

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

1994:134).

Ten einde te voldoen aan die eis van objektiwiteit is dit nodig dat die navorser bedag sal wees op sy eie aannames en waardes (Nipperdey 1978:3-5; Tosh 1994:50), dat werkshipoteses openlik en eerlik gebruik sal word (en aangepas sal word wanneer nodig) en dat die historiese konteks gerespekteer sal word (Tosh 1994:150).

Desnieteenstaande stel Nipperdey (1978:9) dit dat objektiwiteit nie bereik kan word nie, maar 'n ideaal is wat nagestreef moet word. Die uiteindelike doel wat deur navorsing bereik word, is gevolglik 'n meer objektiewe geskiedenis. Hierdie ideaal word bereik deur gebruik te maak van die historikus se toetsprosedure, naamlik die vergelyking van die onderskeie bronne. 'n Belangrike doel van geskiedenis is om die gemeenskap te dien. Dit moet egter nie ten koste van objektiwiteit gedoen word nie (Nipperdey 1978:11-14).

## 8.2 Die navorsingsproses

### 8.2.1 <u>Aanvang</u>

Die onderwerp wat nagevors moet word kan enigiets wees wat die navorser of sy gehoor tevredenheid verskaf (Shafer 1980:43). Laasgenoemde sluit aan by die gedagte van gemeenskapsbetrokkenheid, een van die kriteria wat deur die erfenishulpbronbestuursbehoeftes gestel is.

Die insameling van data is 'n deurlopende proses tydens navorsing hoewel dit hoofsaaklik aan die begin van die navorsingspoging sal plaasvind. Twee metodes is belangrik ten opsigte van die hantering van data, naamlik eksterne en interne kritiek (sien punt 8.2.2 en 8.2.3).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Historiese bewysmateriaal waarvan die historikus gebruik kan maak, bestaan meestal uit geskrewe dokumente (Shafer 1980:79). Pikturale bronne is ook 'n belangrike hulpmiddel vir historiese navorsers (Pretorius 1991:2). Ander materiaal is mondelinge getuienisse en fisiese oorblyfsels (Shafer 1980:87-93). Daar moet so volledig moontlik rekord gehou word van data uit die verskeidenheid van bronne, sodat onnodige herhaling tydens die navorsingsproses uitgeskakel kan word (Shafer 1980:95).

### 8.2.2 Eksterne kritiek

Eksterne kritiek het ten doel om te bepaal of inligting outentiek is, met ander woorde of dokumente eg of vervals is (Shafer 1980:41, 127-128). Dit het te doen met moedswillige en toevallige foute wat in tekste voorkom (Shafer 1980:128). Verder het dit hoofsaaklik te doen met die bepaling van outeurskap en datum van die inligting (Shafer 1980:41, 129-131).

Op hierdie wyse kan daar bepaal word of 'n dokument 'n vervalsing is of nie (Shafer 1980:129-130). Kriteria wat hier geld is die bestudering van die inhoud van 'n dokument om byvoorbeeld anachronismes of teenstrydighede uit te wys, fisiese eienskappe van die dokument byvoorbeeld die ink daarop of watermerke daarvan, en die vergelyking van inligting met kontemporêre inligting (Shafer 1980:129-133).

'n Verskeidenheid van hulpwetenskappe kan deur die historikus ingespan word tydens eksterne kritiek. Hieronder tel linguistiek, heraldiek, genealogie en chronologie (Shafer 1980:138-145).

### 8.2.3 Interne kritiek

Interne kritiek bepaal die betekenis en waarde (geloofwaardigheid) van die inligting (Shafer 1980:41,

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

127, 149). Dit is belangrik om te onthou dat die letterlike en werklike betekenis van woorde soms kan verskil. So byvoorbeeld verskil die woorde na gelang van die plek en tyd waarop dit gebruik is. Frases in sinne kan ook nie geïsoleer word nie, maar moet in die lig van dit wat dit voorafgaan en opvolg beskou word. Dit staan as die reël van konteks bekend (Shafer 1980:150-151).

Ander algemene foute in interne kritiek is die volgende:

- 'n Katalogus - dit het te make met foute vanweë onder andere onkunde, vooroordeel, menslike foute, vervalsings, sintuie wat faal, kulturele verskille, geestelike ongebalanseerdheid, misbruik van inligting, beskadiging van inligting en selfmisleiding. Sodanige foute kan doelbewus of onbewustelik plaasvind (Shafer 1980:152-153).
- Waarnemingsvermoë - hieronder tel die fisiese en sosiale vermoë van die waarnemer om 'n waarneming te doen. Onder die fisiese vermoë tel die gesig en gehoor van die getuie, die afstand van die getuie van die gebeure of voorwerp, die moontlikheid dat 'n getuie moeg of verveeld kon gewees het en gevolglik nie die gebeure goed kan onthou nie en die mate van skerpsinnigheid of onverskilligheid ten tye van die waarneming (Shafer 1980:154).

Die sosiale vermoë om 'n waarneming te maak word beïnvloed deur die bekendheid van die getuie met dit wat hy waarneem, die bereidwilligheid van die getuie om waar te neem, begrip van die taal wat gebruik is, die kennis wat die waarnemer oor die onderwerp het, die moontlikheid dat die waarneming deur sosiale en kulturele omstandighede geïnhibeer is en die moontlikheid dat die waarneming deur vooroordeel beïnvloed is (Shafer 1980:154-155).

- Verslagdoening van detail - hieronder word verstaan die vermoë van iemand om verslag te doen, die tydsverloop tussen 'n waarneming en die verslagdoening daaroor en die bedoeling met die samestelling daarvan. Die vermoë om verslag te doen stem ooreen met die vermoë om waar te neem. Dit sluit persoonlike en kulturele bevooroordeeldheid in, sowel as ambisie, trots en ander geestestoestande. Die taalvermoë, toegang tot dokumentasiemateriaal, die toestande waaronder

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

dokumentasie gedoen is, geletterdheid, religieuse, wetlike en ander kulturele gebruike speel ook 'n rol in die vermoë om verslag te doen. Hierdie faktore raak nie net die getuie nie, maar ook die navorser.

Die navorser moet die reëls volg ten einde 'n onbevooroordeelde antwoord te verkry. Eerstens moet daar besef word dat die probleem teenwoordig is. Tweedens moet die navorser doelbewus probeer om sy vooroordele te identifiseer. Laastens moet die navorser besef dat vooroordele dikwels nie herken word nie en gevolglik onwillekeurig 'n invloed op die navorsing uitoefen. Die getuies verkeer dikwels onder spanning wanneer getuienis gelewer word. Hierdie aspek moet deur die navorser in gedagte gehou word (Shafer 1980:155-156).

Die tydsverloop tussen 'n gebeurtenis en die verslagdoening daarvan beïnvloed die akkuraatheid daarvan, omdat sommige van die inligting vergeet word of deurmekaar raak. Gevolglik is dagboeke en reisjoernale gewoonlik meer akkuraat as herinneringsgeskrifte omdat dit min of meer in dieselfde tyd as die gebeurtenis geskryf is, terwyl laasgenoemde lank daarna saamgestel is (Shafer 1980:156).

Onder die doel met die samestelling van 'n verslag moet daar gekyk word of die samesteller die inligting akkuraat wou weergee en of daar per abuis foute ingesluip het. Inligting word soms doelbewus verdraai omdat die samesteller iets daardeur wou verbloem (Shafer 1980:156-157).

- Tipes verdraaiing sluit leuens wat onder opdrag of as gevolg van versuim vertel word, halwe waarhede, doelbewuste verdraaiings, bevoordelende interpretasies en partydigheid in (Shafer 1980:157-158). Verdraaiings vind plaas met die oog op die spesifieke gehoor waarvoor iets voorberei word. Hierdie redigering vind soms doelbewus en soms onbewustelik plaas.
- Ander leidrade ten opsigte van voorgenome geloofwaardigheid is onder meer die goeie reputasie van 'n skrywer, werklike neutraliteit, selfbenadeelde verklarings, inligting in onverwante weergawes en indien daar geen oënskynlike motief vir verdraaiing is nie (Shafer 1980:158).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Hierdie inligting kan nou gebruik word om inligting teen mekaar op te weeg ten einde dit te staaf of te weerspreek. Die stawing van inligting aan die hand van verwante geloofwaardige getuienis is 'n belangrike deel van die historiese metode (Shafer 1980:167-169).

8.2.4 Ontleding en sintese

Ontleding en sintese behels vergelyking, verbandlegging en seleksie van data. Hoewel dit gelyktydig plaasvind, vorm sintese die finale stadium in die navorsingsproses (Shafer 1980:171-172). 'n Bruikbare hipotese is nodig om die navorsing te rig sodat onnodige data nie tydens die navorsingsproses geselekteer word nie. Dit moet egter aanpasbaar wees, sou die inligting wat ingesamel word dit vereis (Shafer 1980:176-177).

In 'n poging om so objektief moontlik te wees moet die navorser sy vooroordele en subjektiwiteit probeer uitskakel. Dit behels onder andere die bereidwilligheid om teenstrydige sienings te beredeneer. Die historikus moet altyd onthou dat hy betrokke is by die gebeurtenis wat hy beskryf en daarna moet strewe om bo sy eie vooroordele en beperkte insigte uit te styg. Omdat dit onmoontlik is om alle inligting wat indirek betrekking op die onderwerp het te benut, moet toepaslike inligting geselekteer word (Shafer 1980:178-184).

Die finale sintese bestaan uit die oordenking van inligting, wat die herbestudering daarvan insluit. Die werk van ander navorsers moet benut word en daar moet by verklarings uitgekom word. Dit lei tot vertolking, wat die vasstelling van oorsaaklike verbande en die uitspreek van waarde-oordele behels. Hieruit volg die beklemtoning van dit waarom dit in die eerste plek vir die navorser gaan en word daar oor die ordening, hetsy chronologies, geografies of tematies, besluit. Ten slotte word gevolgtekkings gemaak. Die navorser moet altyd in gedagte hou dat gevolgtrekkings bloot waarskynlikhede is (Shafer 1980:187-193).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

## 8.3 Samevatting

Uit die bostaande is dit duidelik dat die metode van geskiedenis as wetenskap daarop ingestel is om objektiwiteit na te streef. Die navorsingsproses het ten doel om bronne te selekteer en te evalueer sodat daar so na as moontlik aan 'n werklikheidsgetroue weergawe van dit wat werklik gebeur het, gekom kan word. Laasgenoemde word veral deur middel van die toepassing van eksterne en interne kritiek bereik.

Die uiteindelike gevolgtrekking waartoe die navorser kom moet 'n logiese uitvloeisel uit die data wat benut is wees. Op hierdie wyse word daar aan die navorsingsbehoeftes (punt 2.2) voldoen. Dit is voorts duidelik dat die historiese argeoloog nie net kennis sal moet dra van navorsingsvereistes, wat deur sy vakwetenskaplike benadering vanuit die argeologie aan hom gestel word nie, maar ook van die vereistes van die historiese metode. Dit blyk dat die Kontekstuele paradigma die enigste is wat hiervoor voorsiening maak, veral vanweë sy beklemtoning van die historiese konteks (vergelyk punt 6.8). Volgens Marwick (1989:10) is dit meer akkuraat om van historiese konteks, eerder as historiese agtergrond te praat. Die gevolgtrekking is dus weer eens dat die Kontekstuele paradigma geskik is vir navorsing in die historiese argeologie.

# 9. GEVOLGTREKKING

Uit elkeen van die voorafgaande punte het dit duidelik geblyk dat die Kontekstuele paradigma, veel meer as enige ander paradigma, voldoen aan die navorsingsbehoeftes van objektiwiteit, rasionaliteit en waarheid. Dit is ook duidelik dat dit die verskillende erfenishulpbronbestuursbehoeftes veel beter aanspreek as enige ander paradigma.

Deurdat die Kontekstuele benadering ook die klem op interdissiplinêre navorsing plaas, sluit dit sterk aan by die Annales-skool uit die historiografie. 'n Kombinering van die vakmetodiek van argeologie

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

en die historiese metodeleer behoort gevolglik die beste navorsingsresultate te lewer. Dit kom neer op die herinterpretering van die verskillende dissiplines (Foucault 1972:137). Hierdeur sal nie net die volle databasis van historiese argeologie optimaal benut word nie, maar sal ook nuwe rigting aan die relatiewe jong benadering van erfenishulpbronbestuur gegee word.

Aangesien die voorafgaande 'n teoretiese uiteensetting was, sal die toepaslikheid van die bevindinge in die opeenvolgende hoofstukke aan die hand van vyf gevallestudies gedemonstreer word. Die praktiese toepassing daarvan sal as meetinstrument dien om 'n uiteindelike nuwe metode daar te stel vir die navors van histories-argeologiese kultuurerfenishulpbronterreine ten opsigte van die behoeftes van erfenishulpbronbestuur.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA